# SOSIAAL GESTRATIFISEERDE TAALGEBRUIK IN DIE KAAPSTADSE KLEURLINGGEMEENSKAP - 'N FONOLOGIESE ONDERSOEK

deur

REMBRANDT MARIUS KLOPPER

Skripsie ingelewer vir die graad van Magister in
die Lettere en Wysbegeerte
aan die Universiteit van Stellenbosch

Oktober 1976

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# VOORWOORD

Met die voltooiïng van hierdie studie wil ek graag my opregte waardering uitspreek teenoor die volgende persone en instansies:

- my studieleier, prof. M. de Villiers vir sy kundige leiding en verhelderende kommen= taar wat my deur die engtes gebring het;

- prof. J.G.H. Combrinck wat as mede-studie= leier opgetree het en aan wie se opbouende kritiek en kommentaar ek heelwat nuwe insig= te te danke het;

- dr. K.P. Prinsloo van die R.G.N. se Insti= tuut vir Taal, Lettere en Kuns vir die ge= leentheid om my vlerke te toets gedurende dié instansie se ondersoek na die stand van die twee amptelike landstale onder Blankes in Suid-Afrika;

- prof. H.W. van der Merwe van die Universiteit van Kaapstad se Sentrum vir Intergroepstudies wie se gesprekke my gehelp het om die sosiale opset in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap te begin verstaan;

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

- die Administrasie van Kleurlingsake vir die toestemming dat ek Kleurlingskole in die om=gewing van Athlone kon gebruik as vertrekpunt om die name en adresse van respondente te bekom;

- verskeie maatskaplike werkers van die De=partement van Gemeenskapsbou vir hulle hulp met die vasstelling van respondente se sosiale status;

- mev. E. Senekal vir haar keurige tikwerk;

- die mense van Athlone vir hulle opregte vriendelikheid en bereidwilligheid om aan die ondersoek deel te neem.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# SUMMARY

The research for this dissertation concerning the social stratification of Afrikaans in the Co= loured community of Cape Town, was conducted within the theoretical framework of Variational Linguistics, according to the research procedure developed by William Labov (1966a) for his analysis of English in New York City.

It is an analysis of the frequency with which the stigmatized and high-status allophones of four phonemes i.e. (r), (ui), (j) and (k), are used in various specific styles by Cape Coloured respondents of three different social classes. The aim of the research was to determine whether the Afrikaans of the Cape Town Coloured community is stratified along the same lines as the speech community in New York.

In chapter 1 the motivation for this study is given, as well as the criteria for empirical research as defined by Lyons (1972).

In chapter 2 the basic concepts contained in the title of the dissertation are defined and proof is cited of the social stratification of the Cape Town Coloured Community. It is indicated that the Cape Coloureds, who are the mixed descendants of Euro= peans, slaves and various indigenous groups, have developed a system of social stratification directly

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

as a result of their precarious position in the racial set up of South Africa, and that this system of social stratification greatly esteems the life style of Europeans while it stigmatizes the life style of Coloureds belonging to the Working Class. This research determined whether the process of esteem and stigmatization is also prevalent on the linguistic level where coloureds switch to and fro between "typical" Standard Afrikaans and "typical" Coloured Afrikaans allophones (and lexical items), sometimes within the same sentence, and whether this leads to the social stratification of Afrikaans in the Coloured Community of Cape Town.

In chapter 3 existing research concerning Coloured Afrikaans is reviewed briefly. It is followed by a short analysis of Coloured Afrikaans and the factors which influence it.

Chapter 4 contains a summary of Labov's re= search procedure and findings during his analysis of English in New York City as well as the results of similar studies, and an explanation of the re= search procedure used in this analysis of Coloured Afrikaans in Cape Town. It is explained why the allophones of (r), (ui), (j) and (k) are studied, how the respondents were selected, how the field work was done and how the recordings on the cassettes were quantified to be represented by

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

stratification-graphs.

In chapter 5 the results of the research are given. It is indicated that the Afrikaans of the Coloured community is socially stratified with re=gard to such social factors as religion, status and age; These factors influence the rate at which the Coloured Afrikaans of Cape Town is evolving toward Standard Afrikaans.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# INHOUD

HOOFSTUK 1 : PROBLEEMSTELLING

1.1 Motivering vir hierdie ondersoek — 1

1.2 Die kriteria vir empiries kontroleer=bare taalnavorsing — 2

HOOFSTUK 2 : UITEENSETTING VAN GRONDBEGRIPPE

2.1 Sosiale stratifikasie — 3

2.2 Die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap — 6

2.3 Sosiale stratifikasie in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap — 7

2.4 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik — 12

2.5 Die foneties-fonologiese inslag van die ondersoek — 16

HOOFSTUK 3 : KAAPSTADSE KLEURLING-AFRIKAANS

3.1 Bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans — 19

3.2 Kenmerke van Kaapstadse Kleurling-Afrikaans — 22

3.3 Die invloed van Engels op Kaapstadse Kleurling-Afrikaans — 30

HOOFSTUK 4 : NAVORSINGSPROSEDURE

4.1 Labov se benadering tot taalnavorsing — 36

4.2 Labov se navorsingsprosedure in New York — 40

4.2.1 Hoe Labov sy respondente se sosiale status bepaal het — 40

p. vii ontbreek ook in [illegible]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

p. vii ontbreek ook in oorspronklike




5.5.4 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik by Moslem-Kleurlinge 86

5.5.5 Taalgebruiksverskille tussen jong en middeljarige Christene en jong en middeljarige Moslems 90

5.5.6 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik by jong Christene, jong Moslems, middeljarige Christene en middeljarige Moslems 94

5.6 Die taalteoretiese implikasies van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap 98

5.6.1 Taalreëls vir die korrelasie tussen sosiale struktuurvariasie en taal=struktuurvariasie in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap 99

5.6.2 Die begrippe "idiolek" en "sosiolek" 101

5.6.3 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik en taalevolusie 102

5.7 Algemene besluit 115

BRONNELYS 119

ADDENDA

Addendum A : Kaart van navorsingsgebied 120

Addendum B : Die bekendstellingsbrief 121

Addendum C : Die prosa-leesstuk 122

Addendum D : Die woordelys 123


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Addendum E : Die gebruiksfrekwensietabelle 124

AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN HIERDIE ONDERSOEK 125

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING

1.1 Motivering vir hierdie ondersoek
1.2 Die kriteria vir empiries kontroleerbare taalnavorsing

### 1.1 Motivering vir hierdie ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel in watter mate die taalgebruik van die Kaap= stadse Kleurlinge deur sosiale faktore soos status, geloofsverband en ouderdom beïnvloed word.

Die navorsingsprosedure wat Labov vir sy on= dersoek na die gebruik van Engels in New York City ont= wikkel het, word in hierdie ondersoek gebruik om= dat dit die beste apparaat is vir die ontleding van die invloed wat die genoemde sosiale verskynsels op taalgebruik het. Verder verskaf Labov se bena= dering en teorie ook die moontlikheid om in te gaan op taalevolusie, in hierdie geval die evolusie van Kleurling-Afrikaans.

Daar is besluit om dié ondersoek tot die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap te beperk omdat daar duidelike tekens van snelle sosiale verande= ringe in dié gemeenskap is wat, indien Labov se teorie wel universeel geldig is, redelik vinnig in die sprekers se taalgebruik weerspieël sal word. Die verwagte snelle sosiale veranderinge in dié

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gemeenskap maak dit dus uitnemend geskik vir op=volgstudies oor die verwantskap tussen sosiale verandering en taalevolusie.

## 1.2 Die kriteria vir empiries kontroleerbare taalnavorsing

Lyons (1972:1) definieer die linguistiek as die wetenskaplike studie van taal, en omskryf dit as: "investigation by means of controlled and empirically verifiable observations and with refe=rence to some general theory of language-structure."

Uit hierdie definisie blyk dit dat wetenskap=like taalnavorsing aan die volgende kriteria moet voldoen:

(i) Voor die ondersoek ontwerp die navorser ŉ vaste navorsingsprosedure.

(ii) Gedurende die ondersoek moet hy voortdurend in beheer van die navorsingsprosedure bly.

(iii) Sy bevindinge moet na die ondersoek binne ŉ spesifieke taalteoretiese raamwerk vertolk word.

(iv) Die bevindinge moet deur middel van afsonder=like empiries gefundeerde navorsing kontro=leerbaar wees.

Die navorsingsmetodologie vir hierdie ondersoek is ontwerp om aan die voorafgaande vier kriteria te voldoen.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# HOOFSTUK 2

## UITEENSETTING VAN GRONDBEGRIPPE

2.1 Sosiale stratifikasie

2.2 Die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

2.3 Sosiale stratifikasie in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

2.4 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik

2.5 Die foneties-fonologiese inslag van die ondersoek

### 2.1 Sosiale stratifikasie

In hierdie hoofstuk word die grondbegrippe wat in die titel van die verhandeling voorkom, om=skryf en word aangedui waarom dit spesifiek 'n fo=nologiese ondersoek na sosiaal gestratifiseerde Afrikaanse taalgebruik in die Kaapstadse Kleurling=gemeenskap is.

Die term sosiaal gestratifiseerde taalgebruik bevat twee begrippe wat belangrik is vir hierdie ondersoek. Die eerste is naamlik dat gemeenskappe uit verskillende sosiale klasse, of strata, bestaan en die tweede is dat spesifieke taalgebruiksver=skynsels korreleer met sosiale stratifikasie. In hierdie afdeling word die begrip "sosiale strati=fikasie" omskryf.

Volgens H.W. van der Merwe (1957:3) is sosiale stratifikasie 'n universele kenmerk van alle gemeen=skappe: "In all societies there are people of com=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

paritively higher and lower status ..... a tendency does exist for people of more or less the same status to function as a unit in at least some respects."

Fairchild e.a. (1955:293) wys daarop dat so= siale stratifikasie op individue se maatskaplike status berus. Sosiale stratifikasie word deur Bergel (1955:169) gedefinieer as: "the prestige and rank a system accords its various classes."

Volgens Fairchild e.a. (1955:307-308) word die individu se maatskaplike status en gevolglik ook die sosiale stratum waartoe hy behoort, hoof= saaklik bepaal deur faktore soos ekonomiese gesteld= heid, ras, nasionaliteit, godsdiens en familie-af= koms.

Bredemeier en Stephenson (1965:319) wys daarop dat persone van dieselfde sosiale stratum se ge= woontes, onder andere hulle taalgebruik, ooreenkom: "People who share similar position in a prestige hierarchy tend to share a common 'style of life'..... Rank differences frequently are expressed in dress, manners, speech, consumption patterns, the use of leisure and the like." Die feit dat mense van die= selfde sosiale stratum se taalgebruik ooreenkom, beteken dat dit sosiaal gestratifiseer is.

Mitchell (1963:116) wys daarop dat beroep in die hedendaagse samelewing 'n goeie aanduiding van die individu se sosiale posisie gee: "In the mo=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dern urban industrial society where differentia=tion is primarily occupational, evaluations to a considerable extent are made in terms of their function ..... prestige is distributed according to ..... the social worth of occupational posi=tions."

Bredemeier en Stephenson (1965:335) beklem=toon dat individue se sosiale status kan verander en dat hulle dus van die een sosiale klas na 'n ander een kan verskuif: "The term 'social mobility' refers to the movement of individuals and catego=ries of people from one to another position in the stratification structure."

Omdat sosiale stratifikasie universeel is en sosiaal gestratifiseerde taalgebruik 'n gevolg daarvan is, is dit dus goed moontlik dat die Kaap=stadse Kleurlinggemeenskap se Afrikaanse taalge=bruik sosiaal gestratifiseer is. Hoe belangrik faktore soos beroep, ekonomiese gesteldheid, ras en familie-afkoms is, word in afdeling 2.3 aange=dui. Later in die verhandeling word aangedui hoe dié faktore gesamentlik gebruik is as een van die maatstawe om vas te stel tot watter sosia=le stratum die verskillende respondente behoort. (Sien ook die gebruiksfrekwensietabelle, addendum E).

Die feit dat sosiale mobiliteit voorkom (dat individue hulle posisie in die statushiërargie kan verbeter), verklaar in die eerste plek waarom taal=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gebruik sosiaal stratifiseer, naamlik omdat die individu sy status probeer verbeter deur taalvorme met hoë status te gebruik en daardeur gestigmati= seerde taalvorme te vermy. Sosiale mobiliteit dui in die tweede plek aan dat daar geen skerp grense tussen die sosiale strata kan wees, soos wat die geval met die kastestelsel in Indië is nie. Indien daar geen skerp grense tussen die verskillende so= siale strata bestaan nie, is dit ook duidelik dat daar ook geen skerp grense tussen die verskillende sosiolekte bestaan nie, maar dat sekere taalverskyn= sels oorwegend in elke sosiolek gebruik sal word.

## 2.2 Die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

Marais (1957) dui aan dat die hedendaagse Kaapstadse Kleurlinge oorwegend die nakomelinge van Oosterse en Negerslawe, Blanke setlaars, Hottentotte en Boesmans is. Hy wys ook daarop dat daar meer on= langs vermenging tussen Kleurlinge van die laer stand en Bantoes is.

Die Kaapstadse Kleurlinge kan volgens geloofs= oortuiging in twee groot groepe verdeel word. Om en by twee derdes van hulle behoort aan 'n wye ver= skeidenheid Christelike kerkgenootskappe terwyl om en by een derde Moslems is.

Benewens hierdie twee groepe Kleurlinge is daar ook nog 'n kleiner groepie, die Kaapse Maleiers, almal Moslems, wat op grond van hulle geloofsoortui=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gings 'n betreklik geslote gemeenskap met 'n aparte herkoms vorm, hoewel daar tog ondertrouery tussen hulle en Moslem-Kleurlinge plaasvind. Hoewel daar verskeie ooreenkomstige gebruike by Kleur= linge en Maleiers is, onder andere taalgebruik en godsdiens in ten minste sommige gevalle, is Ma= leiers nie in hierdie ondersoek betrek nie, omdat hulle as unieke sosiale groep met heelwat eiesoor= tige gebruike, 'n bykomende dimensie aan die onder= soek sou verleen, wat dit des te moeiliker sou maak om die navorsingsgegewens korrek te vertolk.

Aangesien Maleiers en Kleurlinge afsonderlike persoonskaarte dra, is die voorlegging van 'n Kleur= ling-persoonskaart as toets gebruik om te verseker dat Maleiers nie in die ondersoek betrek word nie.

Die benaming Kaapstadse Kleurlinggemeenskap verwys in hierdie studie slegs na dié Kleurlinge wat ekonomies aan Kaapstad en die Skiereiland ver= bonde is, en wat dus volgens die Departement van Gemeenskapsbou se hervestigingsbeleid ten suide van Setlaarsweg gevestig is, terwyl dié wat ekono= mies aan Goodwood, Parow en Bellville verbonde is, in woonbuurtes ten noorde van Setlaarsweg gevestig is en nié as Kaapstadse Kleurlinge gereken word nie. (Sien kaart van navorsingsgebied, addendum A).

## 2.3 Sosiale stratifikasie in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

Sosiale status kom in die Kaapstadse Kleur=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

linggemeenskap op twee vlakke voor. In die eerste plek is daar die status wat die Kleurling in die a· Suid-Afrikaanse Blankegemeenskap het (rassestatus), en in die tweede plek is daar die statusstelsel van individue binne die Kleurlinggemeenskap self b· (klassestatus). In hierdie afdeling word aangetoon dat die rassestatus van Kleurlinge in die algemeen, en dus die Kaapstadse Kleurlinge in die besonder, ŉ bepalende invloed uitoefen op hulle onderlinge klassestatusstelsel.

Volgens S.P. Cilliers (1971:34) speel etniese kenmerke ŉ belangrike rol in die sosiale stratifi= kasiestelsel van die Kleurlinge: "With reference to class, it can be stated that research shows a strong class-consciousness and a definite pattern of social stratification to be observed ..... Ver= tical mobility lately seems to occur, however, pri= marily on the basis of achievement, although the status hierarchy still correlates closely with such racial characteristics as hair form."

Cilliers (1972:11) toon aan dat: "the overt= ly recognisable feature of colour tend (sic) to serve as basis of stereotyping and generalization, thereby ignoring the personal and individual fac= tor completely."

Van der Ross (1973:3-4) wys daarop dat kleur, weens die opset in Suid-Afrika, noodgedwonge ŉ belangrike rol speel in die Kleurling se stratifi=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

kasiestelsel. Volgens hom is daar drie breë klasse onder die Kleurlinge wat direk voort=spruit uit klassifisering op grond van etniese kenmerke "(a) The borderliners ..... those Coloured people of Caucasian physical features who, in common terms could easily 'pass for White'. Do they cross the colour line? If so, what about their friends and family? ..... percen=tage-wise this is not a major group .....

(b) The middle class non-borderliners. This is a larger class of people who have no direct pro=blems of choice in regard to classification, but who are continually aware of the fact that their life styles could have been different had they only been in a society where colour was not so decisive .....

(c) The Working-class Coloured people ..... the very large class of semi-skilled or unskilled workers ..... every member of this class ..... is aware that his colouredness is something of an im=pediment to progress. And his absence of choice in the matter affects his self-image ..... leading to the setting only of very short term goals, to low productivity and to the development of many social phenomena such as drunkenness, thriftless=ness, illegitimacy and over large families, re=garded by middle class people as socially unde=sirable."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Van der Ross beklemtoon dit dat etniese voor=koms 'n kardinale rol speel by sosiale stratifi=kasie in die Kaapse Kleurlinggemeenskap en dat dié stratifikasie aanleiding gee tot sterk afkeur van die Arbeidersklas se lewenstyl deur Kleurlinge van die hoër stande en wantroue by die Arbeidersklas teenoor die lede van die hoër stande: "Class en=ters into our association and this is influenced by occupation, income, residential area, along with other factors such as physical appearance. There would appear to be a rough correlation be=tween the more developed types ..... and Caucasoid physical properties, and it would be wrong to deny that such features still influence many middle class coloured people in their personal relation=ships. (Van der Ross 1973:7).

"Many Coloured people who would wish to iden=tify as Coloured, shy away from this when brought face to face with large members of Coloured people of the lower class with living standards and norms of behaviour which they find unacceptable ..... they cannot identify with the lower class not only be=cause they would find their life-style repugnant but also because the lower class would regard them with a mixture of suspicion, scorn and rejection." (Van der Ross 1973:9-10).

Volgens hierdie aanhalings uit Van der Ross se referaat blyk dit duidelik dat die Kleurlingge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

meenskap kultureel en sosiaal aansluiting by die Blankegemeenskap soek, dat hulle stelsel van so= siale stratifikasie voortspruit uit die feit dat hierdie aansluiting hulle om etniese redes ge= weier word, en dat daar spanning tussen veral die Arbeidersklas en die Middelklas bestaan omdat diegene van die Arbeidersklas moed verloor het en in sosiale wanordelikhede verval het wat die lede van die Middelklas afkeur. Hierdie afkeer van die Hoër- en Middelklas-Kleurlinge van lede van die Arbeidersklas het gedurende die ondersoek her= haaldelik aan die lig gekom. 'n Skoolhoof het by= voorbeeld aangevoer dat die Arbeidersklas-Kleur= linge hulle 'n slegte naam by die Blankes gee: "Die hoëstatus-Kleurlinge wil nie geïdentifiseer word met die stereotipe Keipie-beeld nie; want kyk, ons neem dit nou mos so aan, nè, die image wat hul= le opbou, is die algemene image wat die witman het van almal van ons. Kyk, ons is vreeslik gekant by= voorbeeld teen die Klopse, die Coons, ons hou glad nie van hulle nie ..... hulle kom uit die agter= buurtes, nè ..... hulle is meestal wat ons sal sê die skollieboy-tipe."

Uit die voorgaande sitate ontstaan 'n duidelike beeld van sosiale stratifikasie in die Kaapse Kleur= linggemeenskap. Die waardes en gewoontes van

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Blankes geniet hoë aansien en word as standaard in die Kleurlinggemeenskap voorgehou, terwyl gewoontes wat as tipies-Kleurling gestereoti= peer kan word, gestigmatiseer en vermy word. Dit gee aanleiding tot drie klasse in die Kleurlinggemeenskap. Aan die bopunt van die statushiërargie is die Kleurlinge met Kaukasiese voorkoms en Blanke lewenstyl, en aan die onder= punt van die statushiërargie is die Kleurlinge van die Arbeidersklas met gestigmatiseerde blas voorkoms en "tipiese" Kleurling-lewenstyl met die Middeklas-Kleurlinge tussen in.

Dié verskynsel dat Blankes se waardes en gewoontes so hoog aangeskryf word terwyl "tipiese" Kleurling-waardes en gewoontes deur die Kleur= linge self gestigmatiseer word, is 'n kardinale faktor ter verklaring van die navorsingsresul= tate wat later ter sprake kom.

## 2.4 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik

Labov (1963, 1966, 1969, 1970) Shuy, Wolfram en Riley (1968), Wolfram (1969), Trudgill (1974) en verskeie ander linguiste het reeds deur middel van empiries kontroleer= bare navorsing 'n positiewe korrelasie tussen sosiale struktuurvariasie en taalstruktuurva= riasie aangetoon. Labov (1966a) en Wolfram (1969),

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

wie se navorsing en bevindinge as verteenwoor= digend van die genoemde reeks studies geneem word, toon aan dat die gebruiksfrekwensie van gestigmatiseerde en hoëstatus-allofone in ver= skeie taalgebruikstyle varieer wanneer respon= dente se sosiale klas (status), geslag, ouder= dom en etniese afkoms in berekening gebring word. Hierdie bevindinge impliseer dus dat die taalgebruik van die spraakgemeenskappe wat hulle bestudeer het, ten opsigte van status, geslag, ouderdom en etniese afkoms sosiaal ge= stratifiseer is.

Die bevindinge van Labov-hulle kan opge= som word in 'n tweedimensionele matrys waar elk= een van die genommerde blokkies 'n geval van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik aandui. Die vertikale as van die matrys hier onder dui aan dat daar 4 afsonderlike taalgebruikstyle is (wat al hoe formeler word) waarin die ge= bruiksfrekwensie van 'n besondere gestigmati= seerde allofoon afneem terwyl die gebruiksfre= kwensie van die allofoon met hoër status oor= eenkomstig toeneem, terwyl die horisontale as van die matrys aandui onder die invloed van watter sosiale dimensie die genoemde allofoon= wisseling in die vier style plaasvind.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

TAALSTRUKTUURVARIASIE
(wisseling van allofone se ge= bruiksfrekwensie in elke styl)

| STYL | STATUS | GESLAG | OUDERDOM | AFKOMS |
|---|---|---|---|---|
| Informeel A | 1 | 5 | 9 | 13 |
| B | 2 | 6 | 10 | 14 |
| C | 3 | 7 | 11 | 15 |
| formeel D | 4 | 8 | 12 | 16 |

Figuur 1: Matrys vir korrelasie tussen sosiale struktuurvariasie en taalstruktuurva= riasie, n.a.v. Labov se bevindinge.

Blok 1 van hierdie matrys dui byvoorbeeld aan dat indien respondente se sosiale status varieer, hulle gebruiksfrekwensie van 'n besondere klank se gestigmatiseerde en hoëstatus-allofone in styl A dienooreenkomstig sal varieer, sodat afsonderlike stelle gebruiksfrekwensiesyfers, een vir elke klas, bereken kan word. Indien die genoemde klasse se gebruiksfrekwensie reëlmatig in elk van die vier style varieer (1 - 4), is die gemeenskap se taalge= bruik ten opsigte van status gestratifiseer. In= dien twee verskillende ouderdomsgroepe (jongmense x middeljariges) se gebruiksfrekwensie van 'n stel allofone op soortgelyke wyse reëlmatig in al vier style varieer, (9 - 12), is die gemeenskap se taal= gebruik ten opsigte van ouderdom sosiaal gestrati= fiseer, ens.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Hoewel daar eers later (p. 44) verduidelik word hoe die respondente se taalgebruik gekwantifiseer word om die verskillende gebruiksfrekwensiesyfers in elk van die style te lewer, kan uit hierdie matrys afgelei word dat 'n gemeenskap se taalgebruik ten opsigte van sosiale faktore soos status, geslag, ouderdom en afkoms kan stratifiseer indien mense van dieselfde klas, òf geslag, òf ouderdomsgroep, òf afkoms se taalgebruik ooreenkom.

Benewens die feit dat dié ondersoek se navorsingsprosedure ontwerp is om vas te stel of die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap ten opsigte van faktore soos status, ouderdom en geloofsverband stratifiseer, word daar ook vasgestel watter sosiale faktor die grootste gewig dra in die sosiale struktuurhiërargie, naamlik geloof, status, of ouderdomsverskil. Indien status hoër as geloofsverband op die hiërargie van sosiale faktore staan, sal die drie klasse se gebruiksfrekwensiesyfers in elke stylaard, sonder inagneming van geloofsverband duidelik stratifiseer. Indien geloofsverband egter hoër staan, sal die drie klasse se gebruiksfrekwensiesyfers in elke styl duideliker stratifiseer sodra die respondente se geloofsverband in berekening gebring word.

Hierdie ondersoek verskil dus in twee opsigte van soortgelykes. In die eerste plek word vasgestel of die respondente se taalgebruik ten opsigte

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

van geloofsverband stratifiseer en in die tweede plek word vasgestel of die sosiale faktore, status, ouderdom en geloofsverband hiërargies georden is gedurende gestratifiseerde taalgebruik, indien dit in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap voorkom.

## 2.5 Die foneties-fonologiese inslag van die ondersoek

Die hoofsaak waarom dit gaan in hierdie onder=soek is om die gebruik van sogenaamde allofone van enkele Afrikaanse foneme te karakteriseer. Ek gaan van die standpunt uit dat die fonetiek die noukeu=rige beskrywing, sonder inagneming van betekenis, van al die afsonderlike klanke van 'n taal is, ter=wyl die fonologie, daarenteen, die beskrywing van die onderliggende klanksisteem van 'n taal is waar vasgestel word watter klanke betekenisonderskeidend funksioneer en watter nie. Toegepas op hierdie on=dersoek beteken dit byvoorbeeld dat die verskillende taalklanke wat in Kleurling-Afrikaans dikwels as kon=sonant in die verkleiningsuitgang -tjie voorkom, fo=nologies voorgestel deur die teken /k/ soos in /ki/, terwyl hulle van fonetiese standpunt aangedui word as [ç] en [tʃ] soos in [çi] en [tʃi].

In hierdie ondersoek word die alledaagse ge=bruik van vier stelle allofoonpare, wat na aanlei=ding van M. de Villiers (1969:102) voortaan maat=skaplike allofone genoem word, binne die sosiale taalgebruikskonteks van die Kaapstadse Kleurling=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gemeenskap bestudeer. Elkeen van die maatskaplike allofoonpare bestaan uit 'n hoëstatus-allofoon wat gewoonlik deur Blankes in Standaard-Afrikaans gebruik word, maar wat ook in Kleurling-Afrikaans voorkom, en 'n gestigmatiseerde allofoon wat net in Kleurling-Afrikaans voorkom en wat in die Kleurlinggemeenskap self, sowel as in die Blanke gemeenskap as tipiese Kleurling-uitspraak gestereotipeer word. Daar word beklemtoon dat albei allofone vryelik in die Kleurlinggemeenskap gebruik word. Die vier maatskaplike allofoonpare wat bestudeer word, is:

| Hoëstatus allofone | Gestigmatiseerde allofone |
|---|---|
| 1. Die postvokale [r] in die sillabe eindposisie, sillabe vooreindposisie en die sillabe voorvooreindposisie: [va:r], [vo:rt] en [fo:rts] | [r]-lose uitspraak in dieselfde posisies [va:_], [vo:_t] en [fo:()ts] |
| 2. die geronde vokaal [œi]:[œil], [mœis], [lœi] | die ontronde [əi]: [əil], [məis] |
| 3. [j] aan die begin van 'n sillabe: [jəi], [jɔŋ] | [dʒ] aan die begin van 'n sillabe: [dʒi], [dʒɔŋ] |
| 4. [k] van die verkleiningsmorfeem [ki]: [søŋki], [fo:lki] | [tʃ] van die verkleiningsmorfeem [tʃi]: [søntʃi], [fo:ltʃi] |

Tabel 1: Die vier stelle hoëstatus- en gestigmatiseerde allofoonpare wat in dié ondersoek betrek word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Indien reëlmatige variasie in die gebruiks=frekwensie van allofone met hoë en lae status na aanleiding van sosiale faktore soos ooreenkoms van status, ouderdom en geloofsverband plaasvind, is so 'n gemeenskap se taalgebruik sosiaal gestra=tifiseer.

Hoewel so 'n ondersoek ook op leksikale en sin=taktiese vlak uitgevoer kan word, is daar twee spe=sifieke redes waarom hierdie ondersoek oor 'n fone=ties-fonologiese boeg gegooi is:

(i) Aangesien klanke die basiese boustene vir woorde en woorde dit vir sinstipes is, is die voor=komsfrekwensie van 'n bepaalde foneem vanselfspre=kend veel hoër as dié van 'n bepaalde woord of sins=tipe. As gevolg hiervan is dit dus moontlik om gedurende 'n fonologiese ondersoek met 'n veel kleiner korpus taalgebruiksgegewens vas te stel of 'n ge=meenskap se taalgebruik gestratifiseer is as wat die geval met 'n leksikale of sintaktiese ondersoek sou wees.

(ii) Omdat fonologiese gedrag daarby: "the most highly structured aspect of language" is (Labov, 1966a:47), blyk 'n fonologiese ondersoek 'n logiese voorvereiste te wees vir 'n soortgelyke ondersoek op leksikale en sintaktiese vlak.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# HOOFSTUK 3

## KAAPSTADSE KLEURLING-AFRIKAANS

3.1 Bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans
3.2 Kenmerke van Kaapstadse Kleurling-Afrikaans
3.3 Die invloed van Engels op Kaapstadse Kleurling-Afrikaans

### 3.1 Bestaande studies oor Kleurling-Afrikaans

Hoewel dit algemeen bekend is dat die Kaapstadse Kleurling se Afrikaans en Engels unieke kenmerke het wat hulle van Blanke-Afrikaans en -Engels onderskei, is daar nog geen sistematiese ondersoek van hierdie verskynsel gedoen nie. Benewens C. van Schalkwyk se proefskrif (1969) oor konvergensietendense in die Afrikaans en Engels van Kleurlinge in die omgewing van Bellville-Suid (waarvan die bevindinge bes moont= lik ook vir die Kaapstadse Kleurlinge se taalgebruik geld), bestaan daar slegs 'n aantal terloopse verwy= sings na die Kleurlinge se taalgebruik.

I.D. du Plessis (1930:14-17) bespreek die bydrae van die Maleier tot die Afrikaanse kultuur en wys daarop dat Maleis-Afrikaans van Kleurling-Afrikaans verskil.

Von Wielligh (1925:126, 132) verwys terloops na die feit dat die Kaapstadse Kleurlinge en Maleiers se taalgebruik opmerklik van die destydse Standaard-Afrikaans verskil het. Hy dui kortliks aan dat vokale

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

in die Maleiers se uitspraak verhoog en ontrond is en wys dan daarop dat dieselfde verskynsel ook al in die Kaapstadse Blankes se Afrikaans voorkom.

J.J. le Roux (1949:44-49) gee 'n kort maar in=dringende bespreking van die afsonderlike aard van Maleier-Afrikaans en Griekwa-Afrikaans, (die taal van die Noordwes-Kaapse en Suid-Vrystaatse Bruin=mense).

J.H. Rademeyer (1938) bespreek die taalgebruik van die Rehoboth-Basters, 'n variant van Griekwa-Afrikaans , onder die titel Kleurling-Afrikaans, hoe=wel dit weinig gemeen het met egte Kleurling-Afrikaans.

J. du P. Scholtz (1957:211-212) verwys na die ver=skynsel dat vokale en diftonge verhoog word in die Bo=land en dui aan dat dit dalk 'n klassestratifikasiever=skynsel is wat binne sosiale verband ondersoek moet word:

"Wat is die fonetiese voorwaardes vir die verho=ging? Wanneer word die vokale nie net verhoog nie, maar ook verkort? Onder watter lae van die bevolking word die verskynsel die meeste aangetref - by die Ma=leiers, by die gekleurdes in die algemeen, by min=der ontwikkelde blankes ..... Word die vokaalverho=ging waargeneem by dieselfde persone wat 'n neiging vertoon om tj as tsj en j as dzj uit te spreek?"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Van besondere belang is Van Schalkwyk se ongepu=bliseerde doktorale proefskrif (1969) waarin hy deur middel van gekontroleerde navorsing aantoon dat die intonasiepatrone van twee- en dubbeltalige Kleurlinge in die omgewing van Bellville-Suid besig is om te konvergeer. Die term "tweetalig" het betrekking op 'n spreker wat twee tale ken maar wat die tweede taal selde gebruik sodat hy slegs 'n passiewe kennis daar=van het, terwyl die term "dubbeltalig" betrekking het op 'n persoon wat albei tale daagliks afwisselend gebruik sodat hy eintlik 'n eentalige is wat twee uitdrukkingsmoontlikhede het. (Sien Van der Merwe 1971:170-171, 210). Van Schalkwyk se navorsing is belangrik omdat dit die eerste ontleding van Kleur=ling-Afrikaans is waarin die taalgebruiksgegewens volgens 'n spesifieke navorsingsprosedure binne die raamwerk van die algemene taalteorie vertolk word, en veral ook omdat hy in die loop van sy navorsing verskeie metodes evalueer waarmee materiaal bekom kan word wat geskik is vir spektografiese ontleding.

Uit hierdie kort oorsig van studies oor Kleurling-Afrikaans is dit duidelik dat daar behalwe vir Van Schalkwyk (1969) nog nie sistematiese aandag aan Kleur=ling-Afrikaans in die algemeen en die taalgebruik van die Kaapstadse Kleurlinge in die besonder gegee is nie. Daarbenewens is dit belangrik dat Scholtz taalgebruiks=verskynsels by die Bolandse Kleurlinge sien as iets wat met sosiale stratifikasie verband hou. Dit is

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

juis dié saak waarop hierdie ondersoek gerig is.

Die feit dat daar nog weinig sistematiese aandag aan die taalgebruik van die Kaapstadse Kleurling ge=gee is, is 'n belangrike motivering vir die noodsaak=likheid van hierdie ondersoek.

## 3.2 Kenmerke van Kaapstadse Kleurling-Afrikaans

'n Besondere kenmerk van die Kaapstadse Kleur=linge se taalgedrag is die verskynsel dat sowel Afrikaans as Engels elke dag afwisselend deur 'n groot deel van die gemeenskap gepraat word. Dubbeltalighei is so 'n sterk kenmerk van dié gemeenskap dat dit nie vreemd is om te hoor hoe 'n spreker selfs in die mid=del van 'n sin oorslaan van die een taal na die ander toe nie. In die lig hiervan kan 'n mens na aanleiding van Weinreich (1968) te wagte wees, dat Kleurling-Afrikaans en -Engels se strukture mekaar wederkerig sal versteur op fonologiese, morfologiese, sintak=tiese en leksikale vlak, en ook t.o.v. bosegmentele verskynsels soos wat Van Schalkwyk (1969) aantoon.

Hoewel hierdie skripsie geen algemene beskrywing van Kaapstadse Kleurling-Afrikaans is nie, word die algemene kenmerk van dié gemeenskap se taalgebruik in hierdie afdeling kortliks bespreek aan die hand van twee transkripsies wat van gedeeltes van die na=vorsingsbande gemaak is, sodat dit duidelik kan wees dat die vier voorbeelde van allofoonvariasie wat wel ondersoek word, tipiese verskynsels van Kaapstadse

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Kleurling-Afrikaans verteenwoordig.

In die twee transkripsies wat volg, word die weggelate [r] in die onderskeie sillabe-eindposisies deur twee ronde leë hakies () aangedui, die swak geartikuleerde [r] deur (r) en die duidelik geartikuleerde [r] bloot deur r. Sillabegrense word deur middel van die afkappingsteken ' aangedui, en kort en lang pouses deur / en //.

Die eerste transkripsie is geneem uit die onderhoud van respondent no. 126, 'n 41-jarige manlike Christen-Kleurling van die middelklas. Hierdie snit verteenwoordig 'n gedeelte van sy reaksie aan die einde van die onderhoud toe hy verneem het dat die ondersoek op Kleurlinge se taalgebruik ingestel is en nie oor skool ike gaan soos wat daar aanvanklik aan hom voorgehou is nie.

Die tweede transkripsie is geneem uit die onderhoud van respondent no. 114, 'n 32-jarige vroulike Moslem-Kleurling van die Arbeidersklas. Dit is geneem uit die begin van haar onderhoud toe sy nog nie daarvan bewus was dat haar taalgebruik ondersoek word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

[ ɛ'kəs ni bi'tər as ɪ'mant a'nə()s nī ma:r dzəi krəi
mɛn'sə va'dʒəi me: pra:t// ən a:n'ra:'kəŋ kɔm/ va'dʒəi
uk xə'sjal'sus hə'lə// dan xə'sjals dʒəi uk so:s hə'lə//
kəik/ mə'skin mə'ne:()/ mɛ'tə ban'tu man pra:t bəi di
vɛ:()k/ dan xə'brəik ɛk uk ə vo:(r)t vat/ vat ɛk nœu
ve:t vat həi sal fə()'sta:n// ɛ:n kɔm ɛk nœu mə'skin
ən an'ra:'kəŋ mut/ɛk sal nœu ni sɛ: dat ɛk məi me:()'də()
ax as ɪ'mant bo: məi ni/ ma:r sɔm'təits kɔm dʒəi/ dan
kɔm dʒəi ən a:n'ra:'kəŋ mə'di man ɔp di stra:t/ dan pra:'
dʒəi nɛt sus həi pra:t// ma:() sus ɛk ən a:n'ra:'kəŋ
kɔ'mət mɛ:n'sə vat su'ʃa:'lə li'və/ ɔp'fu'dəŋ/
xə'le:(r)t'həit hɛt/ dan probe:(r) ɛk uk/ dan xə'sjals
ɔ:ns di'sjalf'də ta:l// əs ma:() nɛt/ ɛk xə'brəik/
ɛ'ka'nœu'i sɛ: ɛk xə'brəik di/ di fləi'ta:l/ hə'lə
sɛ:su'ʒəi ən ru'mə əs dan pra:t jəi su'zi ru'ma:n'sə//
su ə'sət ən məi xə'fal/ a'sɛk nœu mɛ'di frœu xə'sjals/
dan xə'sjals ɛk mət ha:r vat ɛk// məi həis'lə'kə
ta:l// pra:t mɛt məi kə'nə(r)s həis'lə'kə ta:l// pra:t
hə'lə fləi'ta:l/ slɛŋ də'ŋə/ dan pra:t ɛk uk mət hə'lə su//
ma:() aim nɔt ə// da:() pra:'tək al ve:(r) ə'ŋəls// aim
nɔ'tə/ aim nɔt ɛn'ka'ri'dʒɪŋ'ət]

(Respondent no. 126:633-675).

[məi dʒɔ'ŋi'tʃi əs fre:'slək li'fə() di:'rə// həit
hu'nə()s ən dəi'və hi:() ə'nɪ ax'tə(r)'pla:s// di an'də()'
dax hə'təi ə kləi'nə fo:ɪ'tʃi mə'tə xə'brik'tə flɛ(r)k
hi:() bəi di həis an'xə'brəŋ ə'nɔm tɔt la:'di nax
mə'tə drɔ'pə() xə'fu:()// ɛ'kət mə'tɔm xə'ra:s/ vant
həi du'ni səi həis'vɛ:()'ki]

(Respondent no. 1.4:63-71).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Wanneer Standaard- en Kleurling-Afrikaans se klänkstelsels aan die hand van die voorafgaande twee transkripsies vergelyk word, kom aan die lig dat 'n aantal "tipiese" vokale en konsonante van Kleurling-Afrikaans soms soos in Standaard-Afrikaans en soms anders geartikuleer word.

Van Kleurling-Afrikaans se vokale ondergaan soms verhoging, verlaging, ontronding en sentralisering. Sommige konsonante ondergaan soms afrikatisering terwyl ander konsonante soms swak geartikuleer of weggelaat word.

Vokaalverhoging en verkorting kom voor wanneer [u] as allofoon van [o:] gebruik word: [uk] reël 3 x [bo:] reël 8, en waar [i] as allofoon van [e:] ge= bruik word: [bi'tər] reël 1 x [me:()'d[illegible]()] reël 7.

Vokaalontronding en sentralisering kom voor waar [əi] as allofoon van [œi] gebruik word: [xə'brəik] reël 5, [dəi'və] reël 23, en wanneer [ə] as allofoon van [œ] gebruik word: [hə'lə] reëls 14 en 19. Hoewel die geronde vokale [œi] en [œ] ook in Kleurling-Afrikaans gebruik word, kom hulle nie gedurende dié twee transkripsies voor nie.

Vokaalontronding (sonder sentralisering), waar= van dié twee transkripsies ook geen voorbeelde oplewer nie, kom voor wanneer [i] as allofoon van [y:] ge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bruik word, soos in [ski:r] x [sky:r], en wanneer [e] as allofoon van [ø] gebruik word, soos in [me:'bəls] x [mø:'bəls].

Vokaalsentralisering kom voor wanneer [ə] as allofoon van [ɛ] gebruik word: [mə'di] reël 9 x [mɛ'tə] reël 4.

Vokaalverlaging kom voor wanneer [ɛ] voor [l] gebruik word. Die verskynsel word versterk wanneer [ɛ] tussen [s] en [l] gebruik word. In dié gevalle gaan [ɛ] oor tot [ja] waar die halfvokaal [j] tussen [a] en die voorafgaande konsonant ingevoeg word: [xə'sjals] reël 3 en [di'sjalf'də] reël 13. Ander voorbeelde wat nie in dié transkripsie voorkom nie, is [hjalp], [çjalt], [bjalt] en [xə'wjalt].

Die volgende kenmerke van Kleurling-Afrikaans se konsonantsisteem blyk uit die twee transkripsies:

Standaard-Afrikaans se duidelik geartikuleerde postvokale [r] in die sillabe-eindposisie, vooreindposisie en voorvooreindposisie kom ook in Kleurling-Afrikaans voor naas 'n swak geartikuleerde variant en [r]-lose uitspraak in dieselfde posisies: [mə'ne:()] reël 4 x [vo:(r)t] reël 5 x [bi'tər] reël 1.

[j] wat in Standaard-Afrikaans aan die begin van 'n sillabe gebruik word, kom in Kleurling-Afrikaans in dieselfde posisie voor naas die swak en duidelik geartikuleerde affrikatiewe [dʒ]: [jəi] reël 5 x

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

[su'ʒəi] reël 15 x [dʒɔ'ŋi'tʃi] reël 22.

[ç] wat as deel van die verkleiningsmorfeem [çi] in Standaard-Afrikaans gebruik word, kom ook in Kleurling-Afrikaans voor naas die swak en duidelik geartikuleerde affrikatiewe [tʃ]. Slegs voorbeelde van die duidelik geartikuleerde [tʃ] kom in dié transkripsie voor: [dʒɔ'ŋi'tʃi] reël 22 en [fo:l'tʃi] reël 24.

Omdat die verskille tussen Standaard- en Kleur= ling-Afrikaans nie oorbeklemtoon moet word nie, word hier kortliks aan die hand van die transkripsies ver= wys na enkele assimilasieverskynsels wat gemeenskaplik aan alle gewone sprekers van Afrikaans is.

[t] word dikwels aan die einde van 'n sillabe geassimileer indien die daaropvolgende sillabe met [d] of [dʒ] begin: [mεt di] ↦ [mə'di] reël 9, [pra:t dʒəi] ↦ [pra:'dʒəi], reëls 9 en 11 [mεt di] ↦ [mε'di] reël 16 en [la:t di] ↦ [la:'di] reël 25.

[s] word dikwels aan die einde van 'n sillabe geassimileer indien die daaropvolgende sillabe met een van die allofone van /j/, of met [d] begin [sus dʒəi] ↦ [su'ʒəi] reël 15 en [sus di] ↦ [su'zi] reël 15.

[d] word dikwels aan die begin van 'n sillabe geas= simileer indien [s] en [n] in die eindposisie van die voorafgaande sillabe staan. Wanneer dit gebeur, skuif [s] of [n] uit die sillabe-eindposisie oor na die posi=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sie van [d] aan die begin van die daaropvolgende sillabe [əs dət] ↦ [ə'sət] reël 16 en [ən di] ↦ [ə'ni] reël 23.

[h] word dikwels aan die begin van 'n sillabe deur 'n konsonant in die eindposisie van die voorafgaande sillabe geassimileer. Wanneer dit gebeur, skuif so 'n konsonant uit die sillabe eindposisie oor na die posisie van [h] in die daaropvolgende sillabe: [hεt həi] ↦ [hə'təi] reël 24, [ən hɔm] ↦ [ə'nɔm] reël 25, en [mεt hɔm] ↦ [mə'tɔm] reël 26. Hoewel dié transkripsies geen sodanige voorbeelde bevat nie, word [h] aan die begin van 'n sillabe ook geassimileer deur ander konsonante wat in die eindposisie van 'n voorafgaande sillabe staan: [draf həi] ↦ [dra'fəi], [vax həi] ↦ [va'xəi], [suk həi] ↦ [su'kəi], ens.

In die voorafgaande bespreking is enkele gevalle aangedui waar Kleurling-Afrikaans op allofoniese vlak van Standaard-Afrikaans verskil deurdat vokale soms verhoging, verlaging, ontronding en sentralisering ondergaan, en deurdat van die konsonante soms affrikatisering ondergaan, of wegval. Indien 'n mens nou daarby die feit in agneem dat Kleurling-Afrikaans op sowel bosegmentele vlak (Van Schalkwyk 1969) as leksikale vlak van Standaard-Afrikaans verskil, is dit duidelik hoe 'n beperkte aantal bosegmentele, leksikale en allofoniese verskille as gevolg van hulle relatiewe hoë voorkomsfrekwen=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sie daartoe bydra dat Kleurling-Afrikaans kenmer=kend van Standaard-Afrikaans verskil.

In verband met respondent no. 126 se gesprek moet verder daarop gelet word dat hy self duidelik aandui dat hy verskillende style onder verskillende omstandighede gebruik. Hy gebruik byvoorbeeld 'n ander styl by die werk (reëls 4 en 5) as wanneer hy by geleerde mense is (reëls 10 tot 13) en daarby afsonderlike style wanneer hy met sy vrou (reël 16) of sy kinders (reëls 18 en 19) praat. Sy kinders se styl noem hy sleng en vleitaal. Verskeie res=pondente het in die loop van hulle onderhoude aange=dui dat hulle soortgelyke stylvariasie gebruik as dié respondent. Die feit dat respondente aandui dat hulle hulle taalgebruikstyle doelbewus varieer, is belangrik, aangesien dit regverdiging bied vir hier=die ondersoek se navorsingsprosedure wat so ontwerp is dat gestigmatiseerde en hoëstatus allofone se ge=bruiksfrekwensie in verskillende style bereken kan word.

Van die hele aantal gevalle van kenmerkende allo=foonvariasie in Kleurling-Afrikaans wat hier ter sprake was, sal vier gevalle in hierdie ondersoek onder die loep geneem word. Dit is naamlik wisseling van [r], [œi], [j] en [k] se gestigmatiseerde en hoëstatus-allofone in vyf bepaalde style.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

## 3.3 Die invloed van Engels op Kaapstadse Kleurling-Afrikaans

Wanneer twee tale daagliks afwisselend naas me=kaar gebruik word (reëls 20, 21 en 26), is dit onver=mydelik dat hulle sisteme mekaar wederkerig versteur (Weinreich 1968). Van Schalkwyk (1969) toon aan dat die wedersydse sisteemversteurings tussen Kleurling-Afrikaans en -Engels reeds so ver gevorder het dat die twee taalgroepe se intonasiepatrone besig is om te konvergeer. Aangesien hierdie ondersoek op Kleur=ling-Afrikaans toegespits is, word daar slegs verwys na die invloed wat Engels moontlik op Kleurling-Afrikaans uitoefen.

Die invloed van Engels op Kleurling-Afrikaans kan duidelik op leksikale vlak waargeneem word in sinne soos: [ha'lup xœu fə an'ti ɛ'θəl k[illegible] tu] of: [di kjaun'səl kɔm nɛks wi:k ɔn'sə həi'sə [illegible]əɪnt].

Gedurende die onderhoude wat met individuele respondente gevoer is, het dit aan die lig gekom dat Engelse woorde so algemeen binne Afrikaanse sinsver=band gebruik word dat baie persone, veral diegene van die Arbeidersklas, selde die Afrikaanse ekwivalente vir woorde soos [an'ti], [kjaun'səl] en [pəint] gebruik en dat hulle trouens meen dat dit alledaagse Afrikaanse woorde is. Baie respondente het aan die einde van die onderhoude op navraag gesê dat hulle net in uiters formele situasies woorde soos "hou van" sal

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

gebruik i.p.v. [laik] en "verf" i.p.v. [pəint]. Hieruit blyk dit duidelik dat die Kleurling dié woorde nie as blote sinonieme beskou nie, aange= sien hulle gebruik met stylvariasie verband hou.

Weinreich (1968:56) wys daarop dat die ge= bruik van sulke leenwoorde dikwels met stylvaria= sie korreleer, sodat die geleende woord en die oorspronklike woord in afsonderlike style gebruik word.

Omdat Kleurling-Afrikaans op bosegmentele en leksikale vlak deur Engels beïnvloed word, word hier kortliks ingegaan op die moontlikheid dat soortgelyke beïnvloeding ook op fonologiese vlak voorkom. Daar word beklemtoon dat die hele ge= dagte van sodanige fonologiese beïnvloeding by Kleurling-Afrikaans heeltemal tentatief is en dat dit op verdere ondersoek wag.

Die verskynsel dat Kleurling-Afrikaans tel= kens ontronde sowel as geronde vokale as allofoon= pare het waar geronde variante by voorkeur in Standaard-Afrikaans voorkom, en dat die ontronde variante in soortgelyke posisies en Engelse woorde voorkom, kan vertolk word as 'n aanduiding dat ontronding in Kleur= ling-Afrikaans onder beïnvloeding van Engels plaas= gevind het. Dié moontlike beïnvloeding kan soos volg op die vokaalkaart voorgestel word:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022




Figuur 2: vokaalkaart
Geronde en ontronde
allofoonpare in
Kaapstadse Kleurling-
Afrikaans

Die volgende tabel dui aan dat die geronde vokaal as hoëstatus-allofoon in Standaard-Afrikaans en Kleurling-Afrikaans voorkom, terwyl die ontronde allofoon telkens in Kleurling-Afrikaans en in soort= gelyke posisies in Engelse woorde voorkom:

| Standaard-Afrikaans en Kleurling-Afrikaans | Kleurling-Afrikaans en Engels | | | |
|---|---|---|---|---|
| [fy:r] | [fi:()] | vuur | [fi:] | fee |
| [klø:r] | [kle:()] | kleur | [kle:()] | clear |
| [bœis] | [bəis] | buis | [bəis] | base |
| [bœl] | [bəl] | bul | [bəl] | bill |

Tabel 2: Die ooreenkoms tussen ontronde vokale in Kleurling-Afrikaans en Engels.

Verder is dit opmerklik dat Kleurling-Afrikaans se een allofoon, [j] soms soos in Standaard-Afrikaans aan die begin van woorde voorkom terwyl die ander

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

allofoon [dʒ] soms soos in Engels in dieselfde posisie voorkom:

| Standaard-Afrikaans en Kleurling-Afrikaans | Kleurling-Afrikaans en Engels | |
|---|---|---|
| [ja:] | [dʒa:] ja | [dʒa:()] jar |
| [ja'kals] | [dʒa'kals] jakals | [dʒæ'kɔ:l] jackal |

Tabel 3: Die ooreenkoms tussen die gebruik van [dʒ] in Kleurling-Afrikaans en Engels

Net so word Kleurling-Afrikaans se postvokale [r] in die verskillende sillabe-eindposisies soms duidelik geartikuleer soos in Standaard-Afrikaans terwyl dit soms soos in Engels weggelaat word:

| Standaard-Afrikaans en Kleurling-Afrikaans | | Kleurling-Afrikaans en Engels | |
|---|---|---|---|
| sillabe-eindposisie | [klør] | [kle:()] kleur | [kle:()] clear |
| sillabe-voor=eindposisie | [ka:rt] | [ka:()t] kaart | [ka:()t] cart |
| sillabe-voor=vooreindpo=sisie | [ja:rts] | [ja:()ts] jaarts | [ja:()dz] yards |

Tabel 4: Die ooreenkoms tussen die gebruik van die postvokale [r] in verskillende sillabe eindposisies in Kleurling-Afrikaans en Engels.

In weerwil van die feit dat Kleurling-Afrikaans en Kleurling-Engels op bosegmentele vlak konvergeer,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dat leksikale ontlening uit Engels op groot skaal plaasvind en die oënskynlike ooreenkomste op fonologiese vlak wat hierbo aangetoon is, moet die invloed van Engels op Kleurling-Afrikaans se fonologiese sisteem nie oorskat word nie.

Daar is verskeie redes waarom verskynsels soos die ontronding van vokale nie deur Engelse taalkontak veroorsaak kon wees nie, maar hoogstens beïnvloed is. In die eerste plek is dit opmerklik dat die sterkste ontronding aangetref word by plaasarbeiders wat dikwels geen Engels ken nie. Aangesien sisteemversteurings slegs plaasvind wanneer die individu as lokus van taalkontak twee of meer tale daagliks afwisselend gebruik (Weinreich 1968:1), is dit duidelik dat Engels nie vokaalontronding in Kleurling-Afrikaans kon veroorsaak het nie. 'n Verdere aanduiding dat die invloed van Engels hoogstens indirek is, is die feit dat vokaalontronding 'n historiese proses is wat reeds in verskeie Germaanse tale voltrek is, naamlik Fries, Engels en verskeie Nederlandse dialekte (Weijnen 1970:36).

Hertzog Venter (1973:3 - 4) voer drie oorsake vir vokaalontronding in Standaard-Afrikaans aan:

(i) die ondergespanne artikulasiebasis van Afrikaans is besig om te ontspan

(ii) ontronding lei tot die hoogs moontlike gebruiksekonomie en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(iii) die invloed van Engels.

Aangesien vokaalontronding 'n historiese proses is en die gebruik van Engels slegs een van 'n aantal faktore is wat dit in die hand werk, is dit duidelik dat die ontronding van vokale in Kleurling-Afrikaans nie deur Afrikaans-Engels dubbeltaligheid veroorsaak word nie, maar hoogstens in die hand gewerk word.

Benewens die ontspanning van die artikulasie= basis, gebruiksekonomie en die invloed van Engels, is daar moontlik 'n verdere faktor wat vokaalontronding in die hand werk, naamlik die vereenvoudiging van Afrikaans se vokaalmarkeringstelsel, wat met drie tipes gemarkeerdheid, naamlik lengte, gerondheid en nasalering tans een van die ingewikkeldse vokaalstel= sels van alle tale het.

Wanneer by al die bogenoemde faktore in ag geneem word dat die historiese invloed van Frans en Maleis op Kleurling-Afrikaans onbekend is, is dit duidelik dat Engels slegs een van 'n aantal invloede op die klanksisteem van Kleurling-Afrikaans is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# HOOFSTUK 4

## NAVORSINGSPROSEDURE

4.1 Labov se benadering tot taalnavorsing

4.2 Labov se navorsingsprosedure

4.3 Die navorsingsprosedure vir hierdie ondersoek

### 4.1 Labov se benadering tot taalnavorsing

Labov se benadering tot taalnavorsing het ont= staan uit sy en ander linguiste se kritiek op sekere aspekte van die T.G.G. se werkswyse, hoewel hulle baie van die T.G.G. se bevindinge as geldig aanvaar. In hierdie afdeling word Labov-hulle se kritiek op die T.G.G. en hulle benadering tot taalnavorsing kort= liks toegelig.

Weinreich, Labov en Herzog verklaar gesamentlik dat Chomsky se teorie van taaluniversalia in die lig van resente navorsing utopies blyk te wees (Lehmann & Malkiel (1968:99)), en waarsku ernstig (p. 163) teen die tendens dat empiriese taalnavorsing onbewus of doelbewus deur 'n hele aantal vername linguiste ge= ignoreer word.

Labov (1970c:39) wys daarop dat die T.G.G. se intuïtiewe formulerings geen metode bied waarvolgens die geldigheid van die teorie bepaal kan word nie en verduidelik dan self wat hy met empiries kontro= leerbare taalnavorsing bedoel: "To come to grips

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

with language we must look as closely and directly at the data of everyday speech as possible, and characterize its relationship to our grammatical theories as accurately as we can, amending and ad= justing the theory so that it fits the object in view." Labov (1970c:40 - 41).

Labov verwerp egter nie bloot die navorser se intuïsie as navorsingsbron nie, maar dui ook aan waar "the data of everyday speech" bekom kan word: "The data that we need cannot be collected from the closet, or from any library, public or private; fortunately for us, there is no shortage of native speakers of most languages, if we care to listen to them speak. Without such empirical data, we are now in the process of producing a great many well-formed theories with nothing to stand on." Labov (1969:759).

Dit is opmerklik hoe sterk Labov hom van die T.G.G. se intuïtiewe navorsingsprosedure distansieer en hoe duidelik hy homself daardeur identifiseer met die kriteria wat Lyons (1972:1) vir empiries verant= woordbare taalnavorsing neerlê.

Na aanleiding van Labov en ander gesiene linguiste se aandrang dat taalnavorsing empiries gefundeer moet wees, het 'n nuwe benadering, die Variasionele Linguis= tiek ontstaan. Die Variasionele Linguistiek bevind na aanleiding van gekontroleerde navorsing dat taal= struktuur gedeeltelik konstant en gedeeltelik ordelik gevarieerd is, en dat albei aspekte van taalstruktuur

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bestudeer moet word, Bailey & Shuy (1973). Ordelike variasie kan byvoorbeeld artikulatories gefundeer wees soos gedurende allofoonwisseling in woorde soos [çe:s] teenoor [nax], of konseptueel soos gedurende leksikale sinonimiteit in sinne soos "hy is 'n aangename mens" teenoor "hy is 'n lekker ou."

Omdat taal egter 'n sosiale konvensie is, kan ordelike variasie ook die gevolg van sosiale struk=tuurvariasie wees, soos met die ontstaan van sosio=lekte in stedelike en dialekte in landelike gebiede.

Voorstanders van die Variasionele Linguistiek aanvaar op grond van empiriese navorsing dat die T.G.G. 'n nuttige teoretiese raamwerk bied vir die be=skrywing van die onveranderlike aspekte van taalstruk=tuur, indien intuïtiewe formulerings aan empiriese toet=sing onderwerp word, maar het daarbenewens 'n aanvullen=de navorsingsmetodologie ontwerp vir die bestudering van die ordelike struktuurvariasie wat tot dusver deur die T.G.G. geïgnoreer of as onbelangrik afgemaak is, omdat dit nie binne die T.G.G.-raamwerk geakkommodeer kan word nie.

Dit word hier beklemtoon dat die Variasionele Linguistiek nie 'n verwerping van die T.G.G. is nie, maar 'n verruiming daarvan sodat beide die konstante en variërende aspek van taalstruktuur op empiries kontroleerbare wyse bestudeer kan word. Labov, wat in die Variasionele Linguistiek se eerste versamel=bundel, <u>New ways of analysing variation in English</u>

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

as die grondlegger van die Variasionele Linguistiek gehuldig word, spreek hom soos volg uit oor die be=perkinge en voortreflikhede van die T.G.G.: "Linguis=tics has thus been defined in such a way as to ex=clude the study of social behaviour or the study of speech. The definition has been convenient for the formulators, who by disposition preferred to work from their knowledge, with individual informants, or with secondary materials ..... Indeed, the limiting of our field of inquiry has certainly been helpful in the development of generative grammar, the working out of abstract models based upon our intuitive judg=ments of sentences. We can not afford any backward steps: any one who would go further in the study of language must certainly be able to work at this level of abstraction. At the same time, it is difficult to avoid the common-sense conclusion that the object of linguistics must ultimately be the instrument of com=munication used by the speech community." Labov, (1970c:33).

Hymes (in Pride & Holmes 1972:273) het hierdie uitbreiding van die T.G.G. en die ontstaan van die Variasionele Linguistiek voorsien toe hy verklaar het: "Just as the transformational theory could ab=sorb its predecessors and handle structural relation=ships beyond their grasp, so new relationships with an ineradicable social component, will become salient

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

that will require a broader theory to absorb and handle them."

## 4.2 Labov se navorsingsprosedure in New York

Labov (1972a:181) verklaar dat empiriese navor= sing daarop ingestel moet wees om, wat hy die waar= nemersparadoks noem, op te los. Dié paradoks kan so omskryf word: Natuurlike taalgebruiksgegewens en ge= volglik ook betroubare resultate, kan slegs verkry word indien mense se taalgedrag waargeneem word terwyl hulle nie kunsmatig praat nie. Omdat mense gewoonlik kunsmatig praat sodra hulle daarvan bewus word dat hulle dopgehou word, moet die navorsingsprosedure so ontwerp word dat hulle nie daarvan bewus is dat hulle taalgedrag sistematies waargeneem word nie.

Vervolgens word kortliks aangedui hoe Labov se navorsingsprosedure vir die New York ondersoek ont= werp is sodat natuurlike taalgebruiksgegewens van 'n verteenwoordigende steekproef van die bevolking ver= kry is. Daar word ook verduidelik hoe Labov die ge= gewens verwerk het en wat sy bevindinge is.

### 4.2.1 Hoe Labov sy respondente se sosiale status bepaal het

'n Jaar voor Labov in 1963 met sy ondersoek na die taalgebruik van New Yorkers begin het, is 'n om= vattende ondersoek oor sosiale stratifikasie in New

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

York se Lower East Side deur 'n span deskundiges van die New York School of Social Work of Columbia University uitgevoer. In hierdie ondersoek is 1 250 ewekansig geselekteerde huisgesinne op grond van beroep, ras, behuising en 'n hele aantal ander faktore in die sosiale strata Hoëklas, Hoë-Middel=klas, Lae-middelklas en Arbeidersklas geklassifiseer. Uit hierdie 1 250 huisgesinne het Labov, na ewekansige seleksie 122 persone se taalgebruik opgeneem.

Aangesien Labov reeds oor die sosiale struktuur=gegewens van elke respondent beskik het, was dit dus net nodig om die taalkundige gegewens te bekom en te verwerk, en om dit dan met die sosiale gegewens in verband te bring.

### 4.2.2 Hoe Labov die taalgebruiksgegewens van sy respondente bekom het

Om taalgebruiksgegewens by sy respondente te ontlok, het Labov 'n onderhoudsituasie ontwerp waar=tydens verskeie grade van informele en formele taal=gebruik opgeneem is. Gedurende die onderhoud is die respondent gelei om die volgende taalgebruikstyle te gebruik: formeel, prosa-leesstyl, informeel en lees=styl by minimale woordpare. Die gebruiksfrekwensie van (r), (eh), (oh), (th) en (dh) se allofone is in elke taalgebruikstyl nagegaan om vas te stel of die gebruiksfrekwensie daarvan by persone wat tot die=selfde sosiale stratum behoort in die genoemde style

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ooreenkom. Volgens dié metode kon Labov vasstel of daar in so 'n mate 'n ooreenkoms is in die taalgebruik=style van mense van dieselfde sosiale stratum, dat daar van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik ge=praat kan word.

### 4.2.2.1 Waarom taalgebruikstyle geïsoleer is

Labov het besluit om respondente se taalge=bruik in verskeie style te vergelyk omdat dit onbetwis=bare bewys van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik gee. Wanneer respondente van verskillende klasse se taalgebruik naamlik in net een styl getoets word en sosiaal gestratifiseerde taalgebruik aandui, sou die= resultaat moontlik aan toeval of ander faktore toege=skryf kon word. Wanneer daar egter aangetoon word dat respondente van die drie klasse se taalgebruik konsekwent in verskeie style verskil, kan die resul=tate slegs as bewys vir sosiaal gestratifiseerde taal=gebruik vertolk word.

### 4.2.2.2 Hoe die taalgebruikstyle geïsoleer is

Labov het formele taalgebruik bekom deur aan die begin van die onderhoud opnames te maak terwyl die mense nog op hulle hoede was en persoonlike gege=wens omtrent hulleself en hulle gesinnde moes verskaf.

Hy het vergelykbare gegewens in verband met elke respondent se prosa-leesstyl bekom deur dieselfde voor=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bereide leesstuk aan almal te gee. Die prosa-lees= styl is as een van die style gekies omdat dit duide= lik van formele en informele spraak as aparte taal= gebruikstyl isoleerbaar is. Die rede hiervoor is dat die respondent, wanneer hy lees, geneig is om versigtig te wees, terwyl hy terselfdertyd so kon= sentreer op wat hy lees dat hy nie heeltemal so ver= sigtig kan reageer as wanneer hy formeel praat nie.

Labov het verder besluit op die lees van mini= male woordpare omdat die respondent daarmee presies kon sien watter klanke getoets word sodat hy uiters versigtig kon reageer indien hy wou.

Daarby het Labov informele taalgebruik bekom deur die informante te laat praat oor onderwerpe waarby hulle emosioneel betrokke sou raak sodat hul= le vergeet om versigtig te reageer. Hulle is byvoor= beeld gevra om te vertel van hulle kinderdae, of 'n grappige insident of 'n insident waar hulle in doods= gevaar verkeer het. Gevalle waar die respondent spontaan met 'n lid van die huisgesin of vriende ge= praat het, is ook as informele taalgebruik gereken, omdat hulle dan onbewustelik op alledaagse wyse ge= praat het.

#### 4.2.2.3 Hoe Labov die gebruiksfrekwensie van die getoetste klanke verwerk het

In New York word r aan die einde van 'n sil= labe (dar/ling, car) soms uitgespreek en soms wegge=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

laat. Omdat daar vasgestel is dat (r)-uitspraak hoër status het as (r)-weglating het Labov een punt toegeken elke keer wat (r) uitgespreek is, en 'n nul wanneer dit nie uitgespreek is nie. Die gebruiksfrekwensie vir (r) is bereken deur die aantal nulle en eens bymekaar te tel, hulle te deel deur die aantal kere wat 'n nul of 'n een voorgekom het en dit dan met honderd te maal.

Veronderstel dat (r) binne 'n spesifieke styl tien keer gebruik is terwyl daar in vyftien gevalle geen (r) gebruik is nie. Die (r) is dus tien uit die moontlike vyf-en-twintig keer gebruik.

<u>GEBRUIKSFREKWENSIE VAN (r) IN STYL A</u>

$$\text{OOIIIOOOOIIOOIOOOOIOIIOIO} = \frac{10}{25} \times \frac{100}{1} = 40$$

Die gebruiksfrekwensie van (r) in dié styl is dus 40.

So word die gebruiksfrekwensie van elke klank in elke taalgebruikstyl bereken.

Hierdie manier om die gebruiksfrekwensie van verskillende klanke by verskillende taalgebruikstyle te verwerk, is besonder nuttig omdat dit 'n uniforme kwantitatiewe basis gee vir die vergelyking van mense se taalgebruik, hoewel die navorser geen beheer het oor hoeveel keer elke respondent woorde gaan gebruik waarin (r) aan die einde van 'n sillabe kan voorkom nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Deur dié kwantifiseringsmetode, waar die gekwan= tifiseerde totaal van die allofone telkens gedeel word deur die aantal kere wat die allofone voorkom en daarna gepersenteer word, kon Labov New Yorkers se taalgebruik op kontroleerbare wyse vergelyk. Dieselfde kwantifiseringsmetode word vir hierdie ondersoek gebruik.

4.2.2.4 <u>Waarom Labov fonologiese gegewens bestudeer het</u>

Daar is verskeie redes waarom Labov spesi= fiek fonologiese gegewens bestudeer het. Hy self voer die volgende redes aan:

(a) Fonologiese gedrag is hoogs gestruktueer en dus betreklik vry van doelbewuste beïnvloeding.

(b) Omdat die voorkomsfrekwensie van foneme hoog is, lewer 'n kort gesprek betreklik baie studie= materiaal op.

(c) Omdat genoeg taalgebruiksmateriaal so beskik= baar is, kan die gegewens maklik volgens 'n lineêre skaal verwerk (en dus in grafieke om= gesit) word.

(i) "All our previous studies of language indicate that phonological behaviour is not amorphous: on the contrary, it is the most highly struc= tures aspect of language." (1966a:47)

(ii) "The most useful items are those that are

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

high in frequency, have a certain immunity from conscious suppression, are integral units of larger structures, and may be easily quan= tified on a linear scale. By all these cri= teria, phonological variables appear to be the most useful." (1966a:49).

### 4.2.3 Labov se bevindinge

Labov het bevind dat die taalgebruik van individue wat tot dieselfde sosiale strata behoort, in elke styl sodanig ooreenkom dat 'n taalgebruiks= grafiek vir elke stratum getrek kon word.




Figuur 13: Labov se grafiek vir die klassestrati= fikasie van (r) in New York City.

Let wel: 6 - 9 is Hoëklas, 3 - 5 is Middelklas en 0 - 2 is Arbeidersklas. (Labov 1966a:222).

Hierdie grafiek dui aan dat die gebruiksfre= kwensie van (r) by al die sprekers toeneem namate

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die styl formeler geraak het en hulle dus versigtiger gepraat het.

Labov het ook bevind dat die Middelklas geneig is om die taalgebruik van die Hoëklas hiperkorrek na te boots. Hy betoog oortuigend dat hierdie hiperkor= rekte nabootsing 'n belangrike meganisme van taalevo= lusie is.

Verder dui Labov aan dat die taalgebruik van die verskillende groepe beduidend verskil en dat jongmense uit elke sosiale stratum in 'n groter mate as ouer mense daarin slaag om gestigmatiseerde taal= vorme te onderdruk en hoëstatus-taalvorme aan te leer. Hierdie groter aanpasbare taalgebruik van die jongmense word deur Labov as 'n ander belangrike me= ganisme van taalevolusie bestempel.

Ten slotte word daarop gewys dat Labov se bevin= dinge oor sosiaal gestratifiseerde taalgebruik deur verskeie ander navorsers bevestig is, onder andere deur Shuy, Wolfram & Riley (1968), Wolfram (1969, 1973), Sankoff & Cedergren (1971), Fasold (1972) en Trudgill (1974a).

## 4.3 Die navorsingsprosedure vir hierdie ondersoek

Daar is reeds in die vorige hoofstuk aangedui dat die taalgebruik van die Kaapstadse Kleurlinge veral op fonologiese en leksikale vlak kenmerkend van Standaard-Afrikaans verskil. In hierdie onder=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

soek word die aandag toegespits op 4 van dié ken= merkende foneme en hulle allofone.

4.3.1 <u>Die foneme wat bestudeer is</u>

Die gebruiksfrekwensie van die allofone van (r), (ui), (j) en (k) is in hierdie ondersoek vol= gens Labov se navorsingsprosedure bestudeer.

'n Besondere kenmerk van dié allofoonpare is dat hulle afwisselend en skynbaar onpatroonmatig naas mekaar voorkom - dat enige van die allofone dus oënskynlik in 'n gegewe woord kan voorkom. Die foneme se onderskeie allofone word vervolgens uiteengesit.

4.3.1.1 <u>Allofone van (r)</u>

Wanneer daar opgelet word na die [r]-uit= spraak van die Kaapstadse Kleurlinge, is dit opmerk= lik dat dié klank in die sillabe-eindposisie, die sillabe-vooreindposisie en die sillabe-voorvooreind= posisie soms weggelaat en soms uitgespreek word, sodat 'n mens byvoorbeeld soms [hi:()di] en soms [hi:r'di] hoor. Verder is dit opmerklik dat die (r) soms swak en soms duidelik geartikuleer word. Daarom word daar drie allofone van (r) onderskei:

(r)-0: waar geen [r] in die genoemde sillabe-eind= posisies geartikuleer word nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(r)-1: waar 'n swak geartikuleerde [r] soos by Standaard-Afrikaans in die verskillende sillabe-eindposisies voorkom.

(r)-2: waar 'n duidelik geartikuleerde [r] in dié posisies voorkom.

4.3.1.2 Allofone van (ui)

Dit is kenmerkend van die Kaapstadse Kleurling se uitspraak dat die geronde vokaal [œi] dikwels tot [əi] ontrond word en dat die geronde variant [œi] soms gedurende versigtige spraak oorbeklemtoon word.

(ui)-0: waar die ontronde [əi] gebruik word, soos in [həis] in plaas van [hœis]

(ui)-1: die halfronde variant soos by spontane spraak in Standaard-Afrikaans.

(ui)-2: die ten volle geronde variant soos in versigtige en hiperkorrekte uitspraak.

4.3.1.3 Allofone van (j)

Die Kaapstadse Kleurling gebruik soms [dʒ] en soms [j] aan die begin van 'n sillabe. 'n Swak geartikuleerde [dʒ] kom ook voor:

(j)-0: wanneer [dʒ] duidelik geartikuleer word, soos byvoorbeeld: [dʒəi mu'di dʒa'kals dʒa:]

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(j)-1: wanneer 'n ligter variant van [dʒ] gebruik word. Dit ligter variant is soms bloot [dʒ] wat baie lig geartikuleer word en soms [dz] soos in [dzəi] en [dzə'lə]

(j)-2: waar die gewone [j] soos in Standaard-Afri=kaans uitgespreek word.

4.3.1.4 <u>Allofone van (k) by die verkleinings=morfeem {djie}</u>

Die verkleiningsmorfeem {djie} word na ge=lang van die fonologiese bou van die naamwoordstam as [i], [pi], [ki] of [i'ki] in Standaard-Afrikaans uitgespreek (Wissing in De Bruto en Wissing (1974:88-92)) In hierdie ondersoek is alle gevalle van verkleining waar [ki] en [i'ki] voorkom, betrek aangesien hulle allomorwe [tʃi] en [i'tʃi] ook in Kleurling-Afrikaans voorkom. Die drie variante van (k) in die verkleiningsmorfeem is dus:

(k)-0: wanneer [tʃ] duidelik geartikuleer word as deel van [tʃi] en [i'tʃi]

(k)-1: wanneer [tʃ] swak geartikuleer word as deel van [tʃi] en [i'tʃi]

(k)-2: wanneer [k] soos in Standaard-Afrikaans as deel van [ki] en [i'ki] geartikuleer word.

4.3.2 <u>Gestigmatiseerde uitspraak</u>

Daar is alreeds in hoofstuk 2 verwys na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

verskynsel dat die fisiese kenmerke en gebruike van persone in die Blanke gemeenskap hoë status in die Kleurlinggemeenskap geniet.

So word die uitspraak van Standaard-Afrikaans byvoorbeeld deur die Hoëklas en ook in Kleurling=skole as die norm voorgehou. Die gevolg is dat tipiese Kleurling-uitpsraak, soos byvoorbeeld [r]-loosheid, ontronding van [œi] en die gebruik van [dʒ] in plaas van [j] en [tʃ] in plaas van [k] ge=stigmatiseer en 'n aanduiding van lae sosiale status is.

Die uitwerking van hierdie stigmatiseringsproses is dat Kleurlinge veral in hulle omgang met Blankes poog om die hoëstatus uitspraak van Standaard-Afri=kaans te handhaaf.

Die onderhoudsprosedure vir hierdie ondersoek sentreer dus spesifiek op die gebruik van gestigmati=seerde en hoëstatus taalvorme. Daar word getoets in watter mate respondente van die verskillende sosiale strata daarin slaag om die gestigmatiseerde vorme in verskeie taalgebruikstyle te vermy deur die hoëstatus uitspraak van Standaard-Afrikaans te handhaaf.

'n Vergelyking van die respondente se taalgebruik en die sosiale strata waaraan hulle behoort, sal aan=toon of daar sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap voorkom of nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

4.3.3 Hoe die respondente se sosiale status bepaal is

In afdeling 4.2.1 is daar aangedui dat Labov voor sy ondersoek reeds volledige sosio-ekonomiese gegewens van elke respondent bekom het. Aangesien daar nog geen omvattende akademiese ondersoek gedoen is na klassestratifikasie in die Kaapstadse Kleurling=gemeenskap nie, en daar dus geen sosiale gegewens van individue beskikbaar is nie, is daar met verskeie instansies, waaronder die Departement van Gemeenskaps=bou, oorleg gepleeg oor hoe 'n verteenwoordigende aan=tal respondente uit al drie klasse geselekteer kan word

Daar is op aanbeveling van veldwerkers van die Departement van Gemeenskapsbou besluit om die onder=soek uit te voer in die Groter Athlone-gebied (Hazen=dal, Kewton, Bridgetown, Athlone, Silvertown en Crawford. Kyk op die kaart onder addendum A) omdat dié Departement al vir jare 'n hervestigingsprogram in die omgewing van Athlone het wat gelei het tot 'n gemeenskap met stabiele sosiale strata.

Mense is naamlik op grond van beroep, inkomste, besittings en ander maatskaplike maatstawwe, subekono=miese of ekonomiese behuising toegesê, of toegelaat om hulle eie wonings op te rig en aan te koop. Benewens die genoemde behuising, woon duisende mense ook in plakkershutte wat in agterplase of op oop grond opge=rig is.

Omdat die Departement van Gemeenskapsbou se be=staande sosio-ekonomiese kriteria vir behuising gebas=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

seer is op die sosiale maatstawe vir klassestratifi=kasie wat in hoofstuk 2 bespreek is, is hulle behui=singsformule dus in hierdie ondersoek gebruik om die respondente se sosiale status te help bepaal. 'n Ver=dere rede waarom die behuisingsformule gebruik is, is omdat dit aanleiding gegee het tot 'n besondere hoë korrelasie tussen die sosiale stratum waartoe 'n persoon behoort en die tipe huis waarin hy woon.

Persone wat tot die Arbeidersklas behoort (han=dearbeiders, fabriekswerkers, skoonmakers, bodes ens.) woon as gevolg van die Departement se herves=tigingsbeleid omtrent in alle gevalle in munisipale subekonomiese skemahuise of word toegelaat om in plak=kershutte te woon in gevalle van behuisingsnood.

Diegene wat tot die Middelklas behoort (vakman=ne, kantoorwerkers, winkelassistente, ens.) woon ge=woonlik in munisipale ekonomiese skemahuise of huur kamers by huiseienaars (dikwels familielede).

Persone wat tot die Hoëklas behoort (medici, prokureurs, skoolhoofde, bestuurders en eienaars van besighede ens.) woon omtrent in alle gevalle in netjiese huurhuise of huise wat hulle self laat bou of klaargebou gekoop het.

Die tipe behuising van die respondent is dus na aanleiding van die Departement van Gemeenskapsbou se behuisingsbeleid as vertrekpunt geneem by die vas=stelling van sy sosiale status. Verder is van faktore

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

soos beroep, opvoedingspeil, netheid, besittings ens., kennis geneem ter ondersteuning van die geldigheid van die sosiale stratum waaraan die respondent behoort. Op grond van die bovermelde kriteria is in twee ge=valle besluit dat respondente wat in subekonomiese huise woon aan die Middelklas behoort en nie aan die Arbeidersklas soos wat verwag is nie. In der waarheid is daar deur middel van hierdie re-evaluasie slegs gekontroleer watter respondente se sosiale status ver=ander het sedert hulle deur die Departement van Ge=meenskapsbou geklassifiseer en hervestig is.

Daar is op grond van Van der Ross (1973) en n.a.v. die Departement van Gemeenskapsbou se behuisings=formule, wat die Kleurlinge in drie klasse verdeel, sowe as die aanbeveling van die Universiteit van Kaapstad se Sentrum vir Intergroepstudies besluit om die respondente in drie basiese sosiale strata te verdeel, naamlik Hoëklas, Middelklas en Arbeidersklas.

### 4.3.4 Hoe die respondente geselekteer is

Met die toestemming van die Administrasie van Kleurlingsake is 5 lyste met 2 834 adresse van ouers by drie skole (twee laerskole en een hoërskool) in die omgewing van Athlone verkry. Uit die 2 834 adresse is 100 deur middel van ewekansige seleksie verkry. Onder die 100 geselekteerde adresse was vier van ouers buite die Athlonese omgewing en het

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

drie ouers se adresse twee keer voorgekom omdat hulle meer as een kind op skool gehad het. Gevolglik is <u>sewe</u> bykomende adresse getrek om 'n honderd potensiële respondente te verkry. Hoewel daar vooraf besluit is om opnames van om en by 75 respondente se taalge=bruik te maak, is 'n ekstra 25 name geselekteer ingeval respondente sou weier om 'n onderhoud toe te staan of ingeval hulle nie tuis gevind kon word nie. Van die honderd adreslyste is 87 respondente, een by elke adres, besoek. Nege van die gesinne was Maleiers en is gevolg=lik nie in die ondersoek betrek nie. By die oorblywen=de 78 adresse is opnames van 72 respondente se taalge=bruik gemaak nadat 6 persone geweier het om onderhoude toe te staan. Drie behoort tot die Hoëklas, een tot die Middelklas en twee tot die Arbeidersklas. Twee van die 72 opnames is weens tegniese opneemfoute onduidelik. Gevolglik is 70 bruikbare opnames verkry.

Na aanleiding van die moontlike vraag of die ont=leding van slegs 70 respondente se taalgebruik 'n sta=tisties betroubare weerspieëling van 'n gemeenskap se taalgebruik kan gee, die volgende:

Labov het op grond van sy New Yorkse navorsing tot die gevolgtrekking gekom dat 'n akkurate beeld van New Yorkers se taalgebruik verkry kon word met 'n allo=foonbelasting van slegs 10 tot 20 per styl en slegs 10 tot 20 respondente per sosiale stratum:

"We found that from 10 to 20 instances of a given

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

variable were sufficient to assign a value that fits consistently into a complex matrix of stylistic va= riation, while at the level of three or four instan= ces, fluctuations unrelated to the matrix was noted. Similarly, we will find that from ten to twenty in= dividuals will give us a value for a social class which fits consistently into an overall pattern of stratification, while groups of four or five show unrelated fluctuation." (1966a:181).

"Because language does operate by mens of con= sistent and compelling rules, it is possible to ob= tain this abstract pattern by studying only a few in= formants." (1966a:48).

Benewens die feit dat die 70 respondente van hierdie ondersoek dus voldoen aan Labov se bevinding dat tussen 10 en 20 individue se taalgebruik vir be= troubare resultate nodig is, word daarop gewys dat Wolfram (1969:14) betroubare resultate verkry het met die ontleding van slegs 48 respondente se taalgebruik, en dat Trudgill (1974a:27) ewe betroubare resultate verkry het met die ontleding van 60 respondente se taalgebruik.

Die meeste van die respondente is vroulik aange= sien dit tradisioneel die moeder se taak is om die akademiese sy van die kinders se opvoeding te behar= tig, en ook omdat die navorsingsgebied van so 'n aard is dat daar nie met veiligheid na sononder gewerk kon

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

word nie en die navorsing dus hoofsaaklik bedags afge=handel is terwyl die meeste mans by die werk was. In die volgende hoofstuk sal daar, wanneer die stratifi=kasiegrafieke ontleed word, aangetoon word dat die re=sultate van die ondersoek nie verwring word deur die feit dat die meeste respondente vroulik is nie.

In die volgende afdeling word verduidelik hoe die onderhoude gevoer en die taalgebruiksopnames ver=kry is.

4.3.5 Die onderhoudsituasie

4.3.5.1 Die bekendstellingsbrief

Aan elk van die 100 ewekansig geselekteerde gesinne is 'n bekendstellingsbrief gestuur waarin ver=duidelik is dat 'n navorser hulle binnekort sou besoek om hulle oor sekere opvoedkundige sake te raadpleeg. (Sien addendum B). Die brief is op aanbeveling van 'n maatskaplike werker van die Departement van Gemeen=skapsbou in Engels uitgestuur aangesien 'n Afrikaanse brief volgens hom agterdog en teenstand sou ontlok. Bes moontlik as gevolg van die bekendstellingsbrief het, teen alle verwagtinge in, slegs 6 persone geweier om onderhoude toe te staan.

4.3.5.2 Spontane opnames

Aan die begin van die onderhoud is na die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

bekendstellingsbrief verwys en weer eens kortliks verduidelik dat sekere ouers oor opvoedkundige sake geraadpleeg word. Omdat mense gewoonlik kunsmatig korrek praat wanneer hulle weet dat hulle taalgebruik getoets en opgeneem word, is die respondente aanvanklik onder die indruk gehou dat hulle bloot besig is om op=voedkundige materiaal te help evalueer. Eers aan die einde van die onderhoud is aan hulle verduidelik dat die Institute for Educational Research bloot 'n front is en dat hulle taalgebruik in werklikheid vir ontle=ding opgeneem is. Nadat hulle anonimiteit gewaarborg is, het alle respondente toegestem dat die opnames vir taalkundige navorsing gebruik mag word. Elke ka=setopname bevat tussen 40 minute en 1 uur se monde=linge taalgebruikmateriaal.

Die navorsingrposedure is daarop ingestel om ses taalgebruikstyle te isoleer. Respondente is dus gerig om die volgende ses taalgebruikstyle te gebruik:

(i) verduidelikende taalgebruik
(ii) beskrywende taalgebruik
(iii) informele taalgebruik
(iv) leesstyl by 'n prosastyk
(v) leesstyl by 'n woordelys
(vi) spontane taalgebruik op versoek

4.3.5.2.1 <u>Die verduidelikende taalgebruikstyl</u>

Aan die begin van die onderhoud, terwyl die respondente nog op hulle hoede was teenoor die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

navorser as vreemdeling, is hulle gevra om te ver=duidelik hoe hulle voel oor die onderwysstelsel soos wat dit tans daar uitsien.

Hulle is ook gevra om te verduidelik wat hulle in die toekoms vir hulle kinders beplan, hoe 'n hoen=der geslag word, hoe 'n koek gebak word, hoe 'n knoop aangewerk word, hoe meubels gemaak word, ens.

4.3.5.2.2 Die beskrywende taalgebruikstyl

Na die verduidelikings is die respondente versoek om te beskryf wat op 'n reeks prente aangaan. Dié prente is so gerangskik dat die respondente nood=gedwonge maar onbewustelik die klanke wat getoets is, moes gebruik. Tipiese response was byvoorbeeld: [di dɔx'tə()'tʃi həil], [di ləi'pɛ:()'dʒa: di bɔk], [da:()s ɛ'tʃis ən vɔ()'təls ən snəi'bun'tʃis ən əi'və fə() di sɔp]

4.3.5.2.3 Die informele taalgebruikstyl

Aangesien dit moeilik is om gedurende 'n onderhoud absoluut spontane taalgebruik by die res=pondente te ontlok, is die onderhoudsituasie so be=plan dat gesimuleerde informele taalgebruik voorkom. Die respondente is byvoorbeeld gevra om kinderrym=pies en die vyfmaal-tafel op te sê en in tiene tot by tweehonderd te tel aangesien dit byna onmoontlik is om 'n mens se natuurlike uitspraak in hierdie ge=ritualiseerde response te onderdruk. Verder is hulle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

versoek om te vertel van 'n keer toe hulle in doods=gevaar was, van 'n besoek aan die tandarts of van 'n humoristiese insident, aangesien mense gedurende sul=ke vertellings so emosioneel betrokke raak wanneer hulle die insidente voor die geestesoog herleef, dat dit bykans vir hulle onmoontlik is om hulle natuur=like uitspraak te onderdruk. Benewens die beplande metodes om informele taalgebruik te ontlok, was daar gedurende heelwat van die onderhoude ook geleentheid om spontane taalgebruik op te neem terwyl die respon=dente byvoorbeeld met 'n lastige kind raas of met vrien=de oor die telefoon gesels.

4.3.5.2.4 <u>Die prosa-leesstyl</u>

Ná die informele vertellinge is die res=pondente gevra om 'n prosa-leesstuk (addendum C) hardop te lees en te evalueer. Die prosa-leesstyl verskil van die gewone formele praatstyl omdat dié respondente gedurende die voorlesing op hulle hoede is terwyl hulle aandag terselfdertyd in so 'n mate deur hulle leeskon=sentrasie in beslag geneem is dat hulle nie hulle alle=daagse uitspraak ten volle kan monitor en onderdruk nie.

4.3.5.2.5 <u>Die lees van die woordelys</u>

Teen die tyd dat die respondente by die woordelys (addendum D) gekom het, was dit vir hulle duidelik dat hulle taalgebruik getoets word en het van hulle gewoonlik versigtig en soms selfs hiperkor=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

rek gelees. Dit was byvoorbeeld algemeen dat respon=dente by die woordelys die vokaal [œi] telkens ten volle en versigtig gerond het terwyl die halfronde [œi] gewoonweg in Standaard-Afrikaans gebruik word. Respondente was by die lees van die woordelys geneig tot uiters formele en versigtige taalgebruik juis omdat hulle weet dat hulle taalgebruik teen Standaard-Afri=kaans opgeweeg word.

4.3.5.2.6 <u>Spontane taalgebruik op versoek</u>

Nadat die respondente die woordelys hard=op voorgelees het en hulle daarvan bewus was dat hul=le taalgebruik getoets word, is die doel van die on=dersoek aan hulle verduidelik. Sodra daar aan die respondente die versekering gegee is dat mense van alle rasse en sosiale groepe geneig is om in formele situasies versigtig en in informele situasies minder versigtig te praat en hulle dus duidelik agtergekom het dat die sogenaamde gestigmatiseerde taalvorme nie as "sleg" beskou word nie, was heelwat van hulle telkens gewillig om heel spontaan en onbevange ver=der te gesels. Dit is veral waar van die Arbeiders=klas hoewel die ander respondente hulle ook laat oor=reed het. Benewens die algemene gesprekke is hulle gevra om te verduidelik hoe hulle die woorde in die woordelys gedurende spontane gesprekke uitspreek. Hierdie spontane taalgebruik op versoek is later met die respondente se informele taalgebruik vergelyk om

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

vas te stel of daar 'n verwantskap tussen korrekte self-evaluering en klassestratifikasie is.

4.3.6 <u>Die verwerking van die taalgebruiksmateriaal</u>

Die fonologiese gegewens wat gedurende die spontane opnames verkry is, is op 'n soortgelyke meto=de as dié van Labov verwerk.

Die allofone is deur middel van die volgende punteskaal gekwantifiseer:

<u>Puntetoekenning vir die onderskeie allofone</u>

<u>NUL</u>

(r)-0: die weggelate postvokaliese [r] in die verskillende sillabe-eindposisies

(ui)-0: die ontronde vokaal [əi]

(j)-0: die duidelik geartikuleerde [dʒ] aan die begin van sillabes

(k)-0: die duidelik geartikuleerde [tʃ] wat deel is van die verkleiningsmorfeem {djie}

<u>EEN PUNT</u>

(r)-1: die swak geartikuleerde postvokaliese [r] in die verskillende sillabe-eindposisies

(ui)-1: die halfronde vokaal [œi]

(j)-1: die swak geartikuleerde [dʒ] aan die begin van sillabes

(k)-1: die swak geartikuleerde [tʃ] wat deel is van die verkleiningsmorfeem {djie}

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

TWEE PUNTE

(r)-2: die sterk geartikuleerde postvokaliese [r] in die verskillende sillabe-eindposisies

(ui)-2: die geronde vokaal [œi]

(j)-2: [j] soos in Standaard-Afrikaans aan die begin van sillabes

(k)-2: [k] as deel van die verkleiningsmorfeem soos in Standaard-Afrikaans

Nadat daar vir elke allofoon telkens 0, 1 of 2 toegeken is, na gelang van die variante wat gebruik is, is die aantal nulle, eens en twees (soos by Labov) bymekaargetel en deur die aantal kere wat va= riante van die foneem voorgekom het, gedeel en met 100 vermenigvuldig. So is elke respondent se taalge= bruik vir alle taalgebruikstyle gekwantifiseer en daarna vergelyk met ander respondente s'n wat tot die= selfde sosiale stratum behoort. Dié kwantifiserings= metode is reeds in afdeling 4.2.2.3 uiteengesit.

Dié kwantifiseringsmetode word vervolgens prak= ties geïllustreer aan die hand van respondent no. 126 se transkripsie op p. 24. Wanneer die gebruiksfre= kwensie van (r) se allofone volgens die uiteengesette punteskaal gekwantifiseer word, lewer dit die volgende kwantifikasie op:

2020010002011021001

Uit die moontlike 19 gevalle is (r)-0 dus 10 keer ge= bruik, (r)-1, 5 keer en (r)-2, 4 keer. Wanneer die

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

aantal nulle, eens en twees bymekaar getel word, le=wer dit die getal 13.

Wanneer die gebruiksfrekwensiesyfer volgens die formule $\frac{\text{allofoonvariasietotaal}}{\text{voorkomsfrekwensie}} \times \frac{100}{1}$ verwerk word, (dus $\frac{13}{19} \times \frac{100}{1}$) lewer dit die getal 68 op. Na aanlei=ding van dié kwantifikasie is respondent no. 126 se gebruiksfrekwensiesyfer in dié besondere styl dus 68. Die gebruiksfrekwensietabel (addendum E) bring aan die lig dat sy syfer vir sy totale respons in dié styl in der waarheid 85 is - dat sy gebruik van die gestig=matiseerde allofoon (r)-0 dus ietwat laer is as wat uit hierdie besondere gedeelte van sy spontane taalge=bruik op versoek blyk.

Noudat die kwantifiseringsmetode in die praktyk geïllustreer is, word die bevindinge van die onder=soek in die volgende hoofstuk bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# HOOFSTUK 5

## BEVINDINGE

5.1 Algemene opmerkings
5.2 Die gebruiksfrekwensietabelle
5.3 Die betroubaarheid van die gebruiksfrekwensie=berekeninge
5.4 Hoe die stratifikasiegrafieke getrek is
5.5 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap
5.6 Die taalteoretiese implikasies van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik
5.7 Algemene besluit

### 5.1 Algemene opmerkings

In die vorige hoofstuk is verduidelik hoe die navorsingsprosedure van hierdie ondersoek beplan is sodat verskeie grade van formele en informele taalge=bruik verkry is van respondente wat aan die Hoë-, Middel- en Arbeidersklas behoort. Verder is verdui=delik hoe die gebruiksfrekwensie van variante van (r), (ui), (j) en (k) in die verskillende style uit=gewerk is sodat die taalgebruik van die respondente op kontroleerbare wyse met mekaar vergelyk kan word.

Hierdie gekwantifiseerde taalgebruikgegewens word in tabelvorm onder addendum E weergegee. Die resultate van die ondersoek, wat in hierdie hoofstuk in grafiekvorm weergegee word, is uit die genoemde

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

tabelle afgelei. Vervolgens word verduidelik hoe die tabelle saamgestel is en hoe die grafieke daar= uit afgelei is. Daarna word die grafieke ontleed en die taalteoretiese implikasies van die ondersoek bespreek.

## 5.2 Die gebruiksfrekwensietabelle

Nadat die gebruiksfrekwensie van die variante van (r), (ui), (j) en (k) in al ses taalgebruikstyle vir elke respondent bereken is, is daar afsonderlike tabelle vir respondente van die Hoë-, Middel- en Arbeidersklas opgestel sodat daar maklik gekontro= leer kon word of die taalgebruiksgegewens met sosia= le stratifikasie verband hou. Verder is daar by elke sosiale klas tussen Christen- en Moslem-Kleurlinge onderskei sodat daar geredelik gekontroleer kon word of taalgebruik deur die respondente se godsdiens= verband beïnvloed word. Nadat die respondente se ge= kwantifiseerde taalgebruiksgegewens volgens sosiale klas en geloofsverband uitgesorteer is, is dit chro= nologies volgens ouderdom in tabelvorm opgeteken so= dat daar maklik bepaal kon word of hulle taalgebruik deur ouderdomsverskille beïnvloed word. Res= pondente se geslag is met dieselfde doel aangeteken, maar aangesien die oorgrote meerderheid van die res= pondente vrouens is, kon daar nie gekontroleer word of mans en vrouens van die verskillende klasse se taalgebruik beduidend verskil nie.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Verder is daar gelet op waar elke respondent grootgeword het sodat vasgestel kon word of uitsonderlike taalgebruikspatrone verband hou met die omgewing, waar die respondent grootgeword het.

Die beroep van die vader en moeder van elke gesin, sowel as die tipe huis waarin hulle woon, word ook in die tabelle aangegee. Dit is gebruik om die akkuraatheid van die Departement van Gemeenskapsbou se hervestigingsformule te bevestig waarvolgens gesinne spesifieke tipes behuising volgens hulle sosiale status toegesê word. Hoewel die gesin se ekonomiese gesteldheid ook nuttig sou wees as aanduiding van hulle sosiale status, is bevind dat respondente in die algemeen ongeneë was om dit bekend te maak en is die meeste respondente nie daarna uitgevra nie. Daar moet egter onthou word dat besoldiging gewoonlik met beroep verband hou en dat die Departement van Gemeenskapsbou wel die respondente se ekonomiese gesteldheid sowel as hulle sosiale status in die algemeen in berekening gebring het toe daar woonplek aan hulle toegesê is. Op dié gronde word beroep en behuising as voldoende indeks van die respondent se sosiale status beskou.

Nadat die gegewens in tabelvorm opgeteken is, is die gemiddelde gebruiksfrekwensie van die klanke in elke styl bereken. Die gebruiksfrekwensie-gemiddeldes vir Christen- en Moslem-respondente is telkens afsonderlik sowel as gesamentlik bereken.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Die tabelle is dus nie bloot opgestel om die verwantskap tussen die respondente se sosiale status en hulle taalgebruik vas te stel nie, maar ook sodat die invloed wat elke respondent se geloofsverband en ouderdom op sy taalgebruik het, maklik in berekening gebring kan word. Deur hierdie maatskaplike faktore ook by die ondersoek te betrek, is dit moontlik om benewens ŉ algemene beeld van sosiaal gestratifiseer= de taalgebruik ook vas te stel of dié verskynsel in dieselfde mate voorkom by Christene en Moslems, by jongmense en middeljariges. Slegs op dié manier kon ŉ gedetailleerde beeld van taalgebruik in die Kaap= stadse Kleurlinggemeenskap verkry word.

## 5.3 Die betroubaarheid van die gebruiksfrekwensie= berekeninge

In die vorige hoofstuk is uiteengesit dat en waarom die gebruiksfrekwensie van elke allofoon in elke styl bereken word deur die aantal nulle, eens en twees wat vir die drie onderskeie allofone toege= ken is, bymekaar te tel, die totaal te deel deur die aantal kere wat enige van die drie allofone gebruik is en die resultaat met honderd te maal. ŉ Belang= rike vraag in verband met die kwantifiseringsmetode is hoe hoog die voorkomsfrekwensie van die allofone moet wees voordat die manier van berekening ŉ akkura= te voorstelling van die respondent se taalgebruik gee.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Indien die voorkomsfrekwensie van 'n bepaalse foneem se drie allofone binne 'n styl byvoorbeeld so laag is dat die gestigmatiseerde een keer en die semi-gestigmatiseerde een keer gebruik is, sou dit duidelik misleidend wees om op grond van die kwanti= fiseringsproses $\frac{(0+1)=1}{2} \times \frac{100}{1} = 50$ te beweer dat die gebruiksfrekwensie van daardie bepaalde allofone nor= maalweg 50 in daardie styl sou wees. Die vraag ont= staan dus met hoe 'n lae voorkomsfrekwensie van allofone 'n mens verteenwoordigende gebruiksfrekwen= sies kan bereken, en gepaardgaande hiermee hoeveel respondente van elke klas se taalgebruik ontleed moet word om verteenwoordigend van die gemeenskap s'n te wees.

In dié verband word weer eens verwys na Labov (1966a:181) se verklaring dat 'n foneem se allofone tussen 10 en 20 keer in elke styl deur tussen 10 en 20 respondente uit elke klas gebruik moes wees voor betroubare resultate verkry word.

Wat beide die aantal respondente per sosiale klas en die voorkomsfrekwensie van die allofone betref, voldoen hierdie ondersoek aan Labov se ver= eistes vir so 'n ondersoek na sosiaal gestratifiseer= de taalgebruik. Uit die gebruiksfrekwensietabelle van addendum E blyk dit dat die taalgebruik van 32 Arbeidersklas-respondente, 20 Middelklas-respondente en 18 Hoëklas-respondente ontleed is terwyl die kwan= tifiseringsproses aan die lig gebring het dat gemid=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

delde voorkomsfrekwensie van (r), (ui), (j) en (k) se allofone in 'n bepaalde styl, onderskeidelik om en by 120, 60, 25 en 10 is.

Waar (j) en (k) se voorkomsfrekwensie soms laer as 10 keer in sommige style (veral gedurende in=formele taalgebruik) voorgekom het, is die gebruiks=frekwensiesyfer telkens op die tabelle weggelaat.

Wat die gehalte van die opnames betref, word die volgende beklemtoon: aangesien die opnames nie onder ideale omstandighede opgeneem is nie, maar in huise waar kinders soms tussendeur gepraat het en motor steurings soms opgevang is, was dit gedurende die kwantifiseringsproses soms moeilik om te hoor presies watter bepaalde allofoon geartikuleer word. As gevolg hiervan word die berekeninge waarop die stratifikasie=grafieke gebaseer is, nie as absolutes voorgehou wat tot op die desimale punt korrek is nie. In weerwil hiervan word die grafieke tog as betroubaar ten opsigte van algemene taalgebruikstendense beskou, aangesien die genoemde probleme verdiskonteer word deur die groot korpus taalmateriaal wat in elk van die ses genoemde style ontleed is.

Labov (1966a:312) toon aan dat mans en vrouens dieselfde patroon van stylvariasie toon, hoewel die mate van stylvariasie groter by vrouens as by mans is. Wolfram (1969:215) wys daarop dat vrouens se taalgebruik nader aan Standaard-Engels is as mans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

sħ, terwyl Sankoff en Cedergren (1971:61-87) be= vind het dat vrouens meer tot hiperkorrekte taal= gebruik geneig is as mans.

Uit die gebruiksfrekwensietabelle (addendum E) blyk dit dat daar geen manlike respondente in die Arbeidersklas is nie, 3 in die Middelklas en 3 in die Hoëklas. In die lig van Labov-hulle se bevin= ding dat vrouens se taalgebruik nader aan die Standaard-norm is as mans sħ, en die feit dat dié ses manlike respondente in die Middel- en Hoëklas is, is dit duidelik dat hulle gebruiksfrekwensies ten uiterste sal veroorsaak dat die Middel- en Hoëklas se grafieke minder stratifikasie toon as wat wel die geval is. Aangesien dit egter juis die Middel- en Hoëklas se grafieke is wat, soos later aangetoon word, die duidelikste stratifiseer, is dit duidelik dat die teenwoordigheid van manlike respondente die hipotese nie bevoordeel nie.

## 5.4 <u>Hoe die stratifikasiegrafieke getrek is</u>

Volgens Uvarov e.a. (1973:172) is ħ grafiek "A diagram, generally plotted between axes at right angles to each other showing the relation between one variable quantity to another."

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Omdat daar in hierdie ondersoek gewerk word met twee stelle verbandhoudende linguistiese veran= derlikes, naamlik die gebruiksfrekwensie van allofo= ne aan die een kant en stylvariasie aan die ander kant, kan die gekwantifiseerde gegewens die beste deur middel van grafieke opgesom word. In die gra= fieke wat volg, word die gebruiksfrekwensieskaal van 'n bepaalde klank se allofone op die vertikale as aangedui en die ses verskillende taalgebruikstyle met gereelde intervalle op die horisontale as. Op dié wyse kan die gebruiksfrekwensie van 'n bepaalde klank se allofone in elk van die ses style vir elke sosiale klas aangedui word. Indien die grafieke van die verskillende sosiale klasse duidelik uitmekaar uit lê, verskil hulle taalgedrag dermate van mekaar dat daar van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik gepraat kan word.

Na aanleiding van die sosiale veranderlikes, sta= tus, geloofsverband en ouderdomsverskil is gepoog om die volgende vraag deur middel van die grafieke te be= antwoord:

Is die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap se taalge= bruik sosiaal gestratifiseer sonder dat die faktore geloofsverband en ouderdomsverskil in berekening ge= bring word, of word die tekens van gestratifiseerde taalgebruik duideliker sodra Christene en Moslems,

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

asook jongmense en middeljariges se taalgebruik af=sonderlik ontleed word?

Die antwoorde op dié vraag word in die res van die hoofstuk verskaf deur middel van die ontleding van 34 verskillende grafieke. Die grafieke word eers oorsigtelik en vergelykend ontleed. Daarna word spe=sifieke aspekte daarvan wat taalteoretiese implikasies het, bespreek.

## 5.5 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

### 5.5.1 Klassestratifikasiegrafieke sonder inagneming van die maatskaplike faktore geloofsverband en ouderdom

Op die volgende bladsy verskyn vier stelle grafieke, A 1-4, wat die klassegrafieke van Kleurlinge in die algemeen aangee vir die gebruiksfrekwensie van (r), (ui), (j) en (k). A 1 weergee die drie klasse se gebruiksfrekwensiegrafieke vir (r), A 2 dié vir (ui), A 3 dié vir (j) en A 4 dié vir (k).

Wanneer hierdie vier stelle grafieke oorsigtelik met mekaar vergelyk word, kom die volgende aan die lig:

(i) Ses afsonderlike taalgebruikstyle is geïsoleer, aangesien elke klas van gebruiksfrekwensie bedui=dend van styl tot styl verskil.

(ii) Elke foneem het 'n gestigmatiseerde sowel as 'n

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

hoëstatus-allofoon, aangesien die gebruiksfrekwen=
sie telkens laag is gedurende die informele styl
(I) wanneer die respondente te opgewonde is, of té
betrokke by die vertelling is om versigtig te praat,
en hulle buitendien nie besef hulle taalgebruik word
getoets nie, terwyl die gebruiksfrekwensie daaren=
teen telkens hoog is gedurende die formele styl
(W); waar die respondente weet hulle taalgebruik
word getoets en dit vir hulle moontlik is om deur
middel van oudiomonitoring die formeelheidsgraad
van hulle taalgebruik te beheer.

(iii) Die gebruiksfrekwensie van gestigmatiseerde allo=
fone is hoër by (r) en (ui) as by (j) en (k), aan=
gesien al drie klassegrafieke by hulle laer teen
die gebruiksfrekwensieskaal lê as by (j) en (k).

(vi) Veral (j) en (k) se klassegrafieke toon dat die
Hoëklas die gestigmatiseerde allofone in elke styl
minder gebruik as die Middelklas, terwyl die Mid=
delklas die allofone weer minder gebruik as die Ar=
beidersklas. (j) en (k) se grafieke weerspieël dus
sosiaal gestratifiseerde taalgebruik duideliker as
(r) en (ui) sh, aangesien die klassegrafieke by
hulle duidelik los van mekaar af stratifiseer in
teenstelling met (r) en (ui) waar die grafieke dig
opmekaar en plek-plek verstrengel is.

Van die vier genoemde tendense is die verskyn=
sel dat slegs (j) en (k) se grafieke sosiaal gestra=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

tifiseerde taalgebruik aandui die belangrikste, aan=gesien dit die hipotese dat daar 'n korrelasie tussen sosiale struktuur en taalstruktuur is, slegs gedeel=telik bevestig. Wanneer die invloed van ander be=langrike maatskaplike determinante soos geloofsver=band en ouderdom egter in berekening gebring word, word hierdie oënskynlike teenstrydigheid egter op=geklaar. Daarom word daar vervolgens gelet op die invloed wat taalgebruiksverskille tussen Christen en Moslem, en tussen jonk en middeljarig op sosiaal ge=stratifiseerde taalgebruik het.

### 5.5.2 Taalgebruiksverskille tussen Christen- en Moslem-Kleurlinge

Die stelle grafieke B, C en D op pp. 77, 78 en 79 dui taalgebruiksverskille tussen Christene en Moslems van die Hoë-, Middel- en Arbeidersklas aan. Grafieke B 1-4 toon gebruiksfrekwensieverskille tus=sen Christene en Moslems van die Arbeidersklas, C 1 - 4 die verskille tussen Christene en Moslems van die Middelklas, en D 1-4 die verskille tussen Christene en Moslems van die Hoëklas.

'n Vergelyking van B 1-2 met C 1-2 en D 1-2 bring aan die lig dat Moslems van al drie klasse ge=neig is om die gestigmatiseerde allofone van (r) en (ui) in al die style meer te gebruik as Christene wat aan dieselfde klasse behoort en dat die gebruiks=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022



GRAFIEK VIR DIE GEBRUIKSFREKWENSIE VAN (r) BY CHRISTEN- EN MOSLEM-KLEURLINGE VAN DIE ARBEIDERSKLAS.



GRAFIEK VIR DIE GEBRUIKSFREKWENSIE VAN (ui) BY CHRISTEN- EN MOSLEM-KLEURLINGE VAN DIE ARBEIDERSKLAS.



GRAFIEK VIR DIE GEBRUIKSFREKWENSIE VAN (j) BY CHRISTEN- EN MOSLEM-KLEURLINGE VAN DIE ARBEIDERSKLAS.



GRAFIEK VIR DIE GEBRUIKSFREKWENSIE VAN (k) BY CHRISTEN- EN MOSLEM-KLEURLINGE VAN DIE ARBEIDERSKLAS.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

frekwensieverskille toeneem hoe hoër die klas is.

ŉ Vergelyking van B 3-4 met C 3-4 en D 3-4 toon dat Moslems van veral die Middel- en Hoëklas aanvanklik die gestigmatiseerde allofone van (j) en (k) veel meer as Christene gebruik terwyl hulle nog nie besef dat hulle taalgebruik getoets word nie, maar dat hulle sodra hulle dit gedurende die lees van die woordelys agterkom, omswaai en die hoë=status-allofone selfs meer as die Christene gebruik. Dié verskynsel word later onder die opskrif "Hiper=korrekte taalgebruik" bespreek.

Uit hierdie grafieke blyk dit (i) dat Moslems van al drie klasse die gestigmatiseerde allofone konsekwent meer gebruik as Christene van dieselfde klasse, solank as wat hulle nog nie daarvan bewus is dat hulle taalge=bruik getoets word nie. (ii) Sodra hulle egter agter=kom dat hulle taalgebruik getoets word, praat hulle net so versigtig as die Christene, en selfs versigtiger in die geval van die Middel- en Hoëklas. (iii) Ver=der is dit opmerklik dat die verskille tussen Christene en Moslems al hoe duideliker word, hoe hoër die klas is.

Die verskynsels is belangrik omdat hulle ten min=ste ŉ gedeeltelike verklaring bied vir die feit dat (j) en (k) se grafieke by Kleurlinge in die algemeen duideliker bewys van sosiaal gestratifiseerde taalge=bruik gelewer het as dié van (r) en (ui). Omdat Chris=tene en Moslems se verskille van (r) en (ui) deurgaans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

so groot is, is dit uit 'n statistiese oogpunt duide=lik dat hulle mekaar dermate sal neutraliseer dat dit soos op grafieke A 1 en 2 sal voorkom of hulle taal=gebruik nie duidelik sosiaal gestratifiseer is nie. By (j) en (k) waar Christene en Moslems se taalgebruik veral in die formele style min verskil, is die neutra=liseerproses egter so gering dat A 3 en 4 se grafieke daarenteen wel sosiaal gestratifiseerde taalgebruik duidelik aandui.

Dit word egter beklemtoon dat hierdie gebruiksfre=kwensieverskille tussen Christene en Moslems slegs ge=deeltelik verantwoordelik is vir die feit dat slegs (j) en (k) se klassegrafieke sosiaal gestratifiseerde taal=gebruik vir Kleurlinge in die algemeen aandui - later word aangedui dat ander maatskaplike faktore soos ou=derdomsverskille ook tot dié verskynsel bydra.

Noudat daar vasgestel is dat daar beduidende taalgebruiksverskille tussen Christene en Moslems is wat die algemene beeld van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik beïnvloed, moet aangedui word in watter mate dié verskynsel onder Christene en Moslems as af=sonderlike maatskaplike groepe voorkom.

### 5.5.3 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik by Christen-Kleurlinge

Grafieke E 1-4 op p. 82 toon duidelik aan dat Christen-Kleurlinge van al drie klasse se taal=gebruik sosiaal gestratifiseer is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

E 1 toon eweredige gebruiksfrekwensieverskille van (r) by Christen-Kleurlinge van al drie klasse, terwyl E 2 aantoon dat die Middel- en Arbeiders= klas-Christene se gebruiksfrekwensie van (ui) effens meer met mekaar ooreenkom as dié van die Hoëklas.

E 3 handel oor Hoëklas-Christene. Dit toon dat hulle grootliks daarin slaag om (j) se gestigmatiseer= de allofoon [dʒ] te vermy en dit met die hoëstatus-allofoon [j] te vervang. Die Arbeidersklas-Christene gebruik [dʒ] veral gedurende informele taalgebruik (style I en S), maar hulle slaan in die formele style (P en W) oor en gebruik [j] amper net so veel soos die Hoëklas. E 3 toon ook dat die Middelklas-Chris= tene in al die style goed daarin slaag om die gestig= matiseerde allofoon [dʒ] te vermy behalwe toe hulle aan die einde van die onderhoud gevra is om soos ge= woonlik te praat. Daar is hulle gebruiksfrekwensie van die gestigmatiseerde allofoon net so hoog soos dié van die Arbeidersklas.

Die verskynsel dat die Middel- en Hoëklas-Christene die hoëstatus-allofoon [j] oorwegend in styl (I) gebruik terwyl die Arbeidersklas [dʒ] oor= wegend gebruik, en dat die Middelklas-Christene dit ewe veel as die Arbeidersklas in styl (S) gebruik, kan op verskeie maniere vertolk word. Dit kan in die eerste plek aandui dat respondente van die Mid=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

del- en Hoëklas die gestigmatiseerde allofone ge= durende die informele styl makliker kan onderdruk as dié van die Arbeidersklas. Indien hierdie vertolking korrek is, sou dit in die tweede plek aandui dat die Middelklas in styl (S) gewillig is om aan te dui hoe hoog hulle gebruiksfrekwensie van [dʒ] normaalweg is, terwyl die Hoëklas onwillig is om dit te erken.

Om dié probleem op te los is daar toe 'n reeks heimlike opnames van die Hoë- en Middelklas-Christe= ne se taalgebruik gemaak. Aangesien die gekwantifi= seerde gegewens van die heimlike kontrole opnames eg= ter aandui dat sowel Hoë- as Middelklas-Christene in der waarheid in die alledaagse lewe 'n besondere hoë gebruiksfrekwensie van die hoëstatus-allofoon het, is dit dus duidelik dat Middelklas-Christene meen hulle gebruik die gestigmatiseerde allofoon [dʒ] meer as wat werklik die geval is. Laasgenoemde ver= klaring word bevestig deur die feit dat dit juis Middelklas-Christene is wat dikwels aan die einde van die onderhoud, net voor die spontane taalgebruik op versoek (styl S) opgeneem is, die verligste gelyk het toe daar aan hulle gesê is dat uitspraakvorme soos [dʒ] nie verkeerd is nie en dat mense van alle bevolkingsgroepe regoor die land geneig is om minder versigtig te praat as hulle sommer net lekker sit en gesels.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ŉ Ontleding van E 3 se grafieke toon dus aan dat Christen-Kleurlinge van al drie klasse poog om die hoëstatus-allofoon (j) te gebruik, dat die Mid=del- en veral die Hoëklas daarin slaag, maar dat dié van die Arbeidersklas dit moeilik vind om die gestigmatiseerde allofoon [dʒ] in die informele styl te onderdruk en dat Middelklas-Christene so fyngevoelig is oor hulle gebruik daarvan dat hulle, wanneer hulle daaroor gerusgestel word, geneig is om te meen hulle gebruik dit veel meer as wat werk=lik die geval is.

E 4 se klassegrafieke toon besonder duidelike tekens van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik van (k) se allofone en weerspieël duidelik dat die Hoë=klas geneig is om die hoëstatus-allofoon [k] in al die style te gebruik terwyl die Arbeidersklas veral in die informele style ŉ baie hoë gebruiksfrekwensie van die gestigmatiseerde allofoon [tʃ] openbaar.

In die algemeen kan dus van die stelle grafieke E 1-4 gesê word (i) dat hulle vir al vier foneme sosiaal gestratifiseerde taalgebruik baie duidelik onder Chris=ten-Kleurlinge aandui. (ii) Verder is dit opmerklik dat Hoëklas-Christene in die algemeen beter daarin slaag om (j) en (k) se gestigmatiseerde allofone ge=durende die alledaagse taalgebruik te vermy as dié van (r) en (ui), (iii) dat Middelklas-Christene ge=neig is om hulle alledaagse gebruiksfrekwensie van (j)

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

se gestigmatiseerde allofone te oorskat en (iv) dat die Arbeidersklas die gestigmatiseerde allofone baie meer gedurende informele spraak gebruik as wanneer hulle versigtig praat.

In die volgende afdeling word nagegaan of daar by Moslem-Kleurlinge net sulke duidelike tekens van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik is as by Christen-Kleurlinge.

### 5.5.4 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik by Moslem-Kleurlinge

'n Vergelyking van grafieke F 1-4 op p. 87 toon duidelik dat Moslems se gebruik van (r) min tekens van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik vertoon, omdat die klassegrafieke so dig bymekaar is, terwyl daar by (ui) geen sprake van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik is nie, omdat die klassegrafieke ineengestrengel is.

Hoewel daar dus by Moslem-Kleurlinge se gebruiksfrekwensie van (r) en (ui) se allofone weinig sprake van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik is, wys grafieke F 3 en 4 egter duidelik dat (j) en (k) se gebruik gestratifiseer is. Die afleiding wat hieruit gemaak word, is dat daar by die Moslems moontlik nie soveel stigma verbonde is aan (r)-lose uitspraak en vokaalontronding as aan die gebruik van [dʒ] en [tʃ] nie. Hoewel dié afleiding na aan=













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

leiding van respondente se persoonlike reaksies en kommentaar korrek kan wees, sal dié saak verder ondersoek moet word voor dit as empiriese feit aanvaar kan word.

ŉ Vergelyking van Christen- en Moslem-Kleurlinge se gebruiksfrekwensiegrafieke (E 1-4 met F 1-4) toon dus duidelik dat Christen-Kleurlinge se gebruik van al vier foneme sosiaal gestratifiseerde taalgebruik aandui, terwyl Moslem-Kleurlinge se taalgebruik dit net by (j) en (k) doen.

Om op te som: ŉ Ontleding van grafieke A 1-4 op p. 74 het aan die lig gebring (i) dat Kleurlinge in die algemeen met die gebruik van (r) en (ui) nie sosiaal gestratifiseerde taalgebruik duidelik aandui nie, terwyl (j) en (k) se grafieke dit wel doen. (ii) Daarna is aangetoon dat in al drie sosiale klasse beduidende taalgebruiksverskille tussen Christen- en Moslem-Kleurlinge is (B, C en D 1-4 op pp. 77-79), (iii) dat Christen-Kleurlinge se gebruik van (r), (ui), (j) en (k) se allofone gestratifiseer is (E 1-4 op p. 82) (iv) terwyl Moslems s'n (F 1-4 op p. 87) soos Kleurlinge in die algemeen s'n (A 1-4 op p. 74) net by (j) en (k) gestratifiseer is.

Uit hierdie vergelyking blyk dit duidelik dat die beeld van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik al hoe duideliker word namate kardinale maatskaplike faktore soos byvoorbeeld geloofsverband in bereke=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ning gebring word.

ŉ Belangriker gevolgtrekking is egter dat hier= die duidelike afsonderlike beelde van sosiaal gestra= tifiseerde taalgebruik wat daar by Christene en Moslems aangedui is, op sigself al ŉ bevestiging van hierdie ondersoek se werkshipotese is dat sosiale struktuurvariasie korreleer met taalstruktuurvaria= sie in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap. Dit is naamlik uit die ontleding van die grafieke tot dus= ver duidelik dat daar beduidende taalgebruiksver= skille tussen Christene en Moslems as afsonderlike geloofsgroepe is, en ook tussen Christene sowel as Moslems wat aan verskillende sosiale strata behoort. Die korrelasie is dus daarin geleë dat die aard van enige lid van die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap se taalgebruik beïnvloed word deur die maatskaplike fak= tore geloofsverband en sosiale status.

Aangesien dit uit die voorafgaande twee afde= lings duidelik is dat die beeld van gestratifiseerde taalgebruik duideliker word hoe meer sosiale verander= likes gelyktydig in berekening gebring word, word hier nie grafieke aangebied wat stratifikasie slegs op grond van ouderdomsverskil aandui nie. Die gra= fieke van die volgende afdeling toon aan in watter mate die grafieke gestratifiseer is wanneer twee so= siale veranderlikes, naamlik geloofsverband en ouder= domsverskil gelyktydig in berekening gebring word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

### 5.5.5 Taalgebruiksverskille tussen jong en middelja= rige Christene en jong en middeljarige Moslems

In die vorige afdelings is aangetoon dat (j) en (k) se grafieke gestratifiseerde taalgebruik by alle sektore van die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap aandui, terwyl (r) en (ui) gestratifiseerde taalge= bruik slegs by Christen-Kleurlinge aandui. Aange= sien (r) en (ui) dus minder tekens van gestratifiseer= de taalgebruik toon as (j) en (k), kan met veiligheid veronderstel word dat in alle gevalle waar hulle so= siaal gestratifiseerde taalgebruik duidelik aandui, (j) en (k) dit nog duideliker sal toon. Daarom word vervolgens net gebruiksfrekwensiegrafieke van (r) weergegee as aanduiding van die invloed wat ouderdoms= verskille op sosiaal gestratifiseerde taalgebruik het.

Grafieke G 1-3 op p. 92 toon gebruiksfrekwensie= verskille van (r) tussen jong en middeljarige Chris= ten Kleurlinge van die Hoë-, Middel-, en Arbeiders= klas.

Grafiek G 1 toon aan dat jong Christene van die Hoëklas se gebruiksfrekwensie van die hoëstatus-al= lofoon slegs aanvanklik beduidend hoër as middelja= riges s'n is terwyl die respondente nog nie besef hul= le taalgebruik word getoets nie.

Grafiek G 2 toon aan dat daar by Christene van die Middelklas aanvanklik geen taalgebruiksverskille

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

is nie, totdat die Middeljariges in die formele styl (W) besef dat hulle taalgebruik getoets word. Dan gebruik hulle die hoëstatus-allofoon eensklaps aan= sienlik meer as die jongmense. Hierdie verskynsel word later onder die opskrif "Hiperkorrekte taalge= bruik", bespreek.

Grafiek G 3 toon dat jong Christene van die Arbeidersklas se gebruiksfrekwensie van die hoësta= tus allofoon van (r) in alle style, maar veral in styl (W) beduidend hoër is as dié van middeljarige Christene.

Wanneer G 1-3 met mekaar vergelyk word, is dit opmerklik dat die gebruiksfrekwensieverskille tussen jongmense en middeljariges toeneem hoe laer die so= siale klas is.

Wanneer grafieke H 1-3 op p. 93 met mekaar en met G 1-3 op p. 92 vergelyk word, blyk dit dat die teenoorgestelde waar is by gebruiksfrekwen= sieverskille tussen Moslem-jongmense en -middeljari= ges. Waar die gebruiksfrekwensieverskille tussen jong en middeljarige Christene naamlik toeneem hoe laer die klas is, neem dit tussen Moslem-jongmense en -middeljariges toe hoe hoër die klas is. Die af= leiding wat hieruit gemaak word, is dat Christen- jongmense van die Arbeidresklas in ŉ groter mate as middeljariges daarin slaag om Standaard-Afrikaans se hoëstatus-allofoon te gebruik terwyl dit by Moslem-

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022










Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

jongmense veral dié van die Middel- en Hoëklas is wat beter as middeljariges van dieselfde klasse daarin slaag om die hoëstatus-allofoon te gebruik. Hierdie taalgebruiksverskille tussen jongmense en middeljariges word later bespreek onder die opskrif "Taalgebruiksverskille tussen jongmense en middelja= riges as aanduiding van taalevolusie."

5.5.6 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik by jong Christene, jong Moslems, middeljarige Christene en middeljarige Moslems

In die voorgaande afdelings is aangedui dat geloofsverband en ouderdom twee belangrike maatskap= like faktore is wat in berekening gebring moet word om ʼn akkurate beeld van sosiaal gestratifiseerde taal= gebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap te kry. Hoe ʼn dinamiese linguistiese proses sosiaal gestrati= fiseerde taalgebruik werklik is, blyk uit grafieke I 1-4 op p. 95 waar daar duidelik gesien kan word dat die taalgebruik van jong Christene, jong Moslems, middeljarige Christene en in ʼn mate ook middeljarige Moslems, as afsonderlike maatskaplike groepe sosiaal gestratifiseer is.

Grafiek I 1 toon aan dat daar sterk tekens van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik by jong Chris= tene van die hoë-, Middel- en Arbeidersklas is en

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022













Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dat jong respondente van die Arbeidersklas gedurende die formele styl (W) die hoëstatus-allofoon van (r) selfs meer as dié van die Hoëklas gebruik sodra hul= le agterkom dat hulle taalgebruik getoets word - weer eens 'n aanduiding van hiperkorrekte taalgebruik.

Grafiek I 2 toon dat jong Moslems van die Middel= klas geneig is om in die beskrywende styl formeler as dié van die Hoëklas op te tree en verder dat jong Moslems van die drie sosiale klasse se taalgebruik duidelik gestratifiseer is.

Grafiek I 3 en 4 toon dat middeljarige Chris= tene sowel as Moslems se taalgebruik gestra= tifiseer is, hoewel die verskille tussen Christene van die verskillende klasse baie groter is as tussen die Moslems.

'n Oorsigtelike ontleding van die voorgaande 34 gebruiksfrekwensiegrafieke het dus duidelik aan die lig gebring dat daar beduidende gebruiksfrekwensie= verskille ten opsigte van (r), (ui), (j) en (k) se maatskaplike allofone tussen Christen- en Moslem- Kleurlinge en tussen jongmense en middeljariges is, en dat sosiaal gestratifiseerde taalgebruik so 'n uitge breide linguistiese proses is, dat dit by jong en middeljarige Christene en Moslems as afsonderlike maatskaplike groepe voorkom. Hierdie bevindinge be= vestig die geldigheid van die werkshipotese dat daar 'n korrelasie tussen sosiale struktuur en taalstruk=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

tuur in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap is.

Die verskynsel dat Christene van al drie klas=se se gebruik van hoëstatus allofone hoër is as Moslems s'n (A-D 1-4) en die beeld van sosiaal ge=stratifiseerde taalgebruik gevolglik duideliker is sodra afsonderlike grafieke vir Christene en Moslems van die drie klasse getrek word (E, F 1-4), toon dat geloofsverband hoër as status op die hiërargie van sosiale veranderlikes staan wat taalgebruik deter=mineer.

Daar is verskeie redes waarom status hoër op die hiërarhie van sosiale veranderlikes staan as ouder=domsverskil:

(i) Gebruiksfrekwensieverskille tussen jong en middel=jarige Christene neem toe hoe laer die klas is (G 1-3).

(ii) Gebruiksfrekwensieverskille tussen jong en middeljarige Moslems neem toe hoe hoër die klas is (H 1-3).

(iii) Jongmense en middeljariges van albei geloofs=groepe se taalgebruik is afsonderlik sosiaal gestratifiseer.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dus duidelik dat die sosiale veranderlikes wat taalgebruik determineer, soos volg hiërargies georden is:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

| | |
|---|---|
| 1. | geloofsverband |
| 2. | status |
| 3. | ouderdom |

Figuur 4: Hiërargiese ordening van sosiale faktore wat gestratifiseerde taalgebruik determi= neer.

Hierdie hiërargiese ordening van geloofsverband, status en ouderdom moet egter nie as drie oppone= rende sosiale veranderlikes gesien word nie. Al drie tree gesamentlik op om die spesifieke aard van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap te determineer.

Noudat die hipotese geldig bewys is, kan daar deur middel van verwysings na spesifieke aspekte van die grafieke gekyk word na die taalteoretiese impli= kasies wat sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap het.

5.6 Die taalteoretiese implikasies van sosiaal gestratifiseerde taalgebruik in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

In hierdie afdeling word die bevindinge van hierdie ondersoek binne die raamwerk van die algeme= ne taalteorie geformuleer en bespreek.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

### 5.6.1 Taalreëls vir die korrelasie tussen sosiale struktuurvariasie en taalstruktuurvariasie in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap

Die duidelikste bewys vir die geldigheid van enige hipotese is dat daar algemene, omvattende reëls geformuleer kan word wat aandui onder watter omstandighede die hipotese geld. In hierdie afdeling word ses algemene taalreëls geformuleer wat aandui onder watter omstandighede daar gebruiksfrekwensie=verskille van die vier getoetste foneme se allofone is.

#### 5.6.1.2 Die taalreëls

ꞌn Algemene reël vir die gebruiksfrekwensie van die vier getoetste foneme se allofone is dat die gestigmatiseerde allofoon toenemend deur die semi-gestigmatiseerde en hoëstatus-allofone vervang word hoe formeler die taalgebruikstyl en hoe hoër die respondente se sosiale status (klas) is. Hierdie algemene reël word vervolgens meer spesifiek vir elk van die vier getoetste foneme geformuleer.

(i) Die semi-gestigmatiseerde swak geartikuleerde /r/ en die hoëstatus duidelik geartikuleerde /r/ word toenemend aan die einde van ꞌn sillabe en voor een of meer konsonante aan die einde van ꞌn sillabe ingevoeg om gestigmatiseerde /r/-lose uitspraak te vermy hoe formeler die taalgebruikstyl en hoe hoër die respon=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dent se sosiale klas is.

(ii) Die gestigmatiseerde ontronde vokaal /əi/ word toenemend deur die semi-gestigmatiseerde halfronde vokaal /œi/ en die hoëstatus geronde vokaal /œi/ vervang hoe formeler die taalgebruikstyl en hoe hoër die respondente se sosiale klas is.

(iii) Die gestigmatiseerde duidelik geartikuleerde /dʒ/ aan die begin van 'n sillabe word toenemend deur die semi-gestigmatiseerde swak geartikuleerde /dʒ/ en die hoëstatus-/j/ vervang hoe formeler die taalgebruik=styl en hoe hoër die respondente se sosiale klas is.

(iv) Die gestigmatiseerde duidelik geartikuleerde /tʃ/ van die verkleiningsmorfeem word toenemend deur die semi-gestigmatiseerde swak geartikuleerde /tʃ/ en die hoëstatus-/k/ vervang hoe formeler die taalgebruikstyl en hoe hoër die respondente se sosiale klas is.

Op dieselfde manier kan algemene reëls geformu=leer word wat aantoon dat Christene se gebruiksfre=kwensie van die hoëstatus-allofone hoër is as die van Moslems, of dat jongmense s'n hoër is as middel=jariges s'n.

(v) Christen-Kleurlinge voeg die swak en duidelik geartikuleerde allofone van (r) meer dikwels as Mos=lem-Kleurlinge aan die einde van 'n sillabe of voor ander konsonante aan die einde van 'n sillabe in hoe formeler die taalgebruikstyl en hoe hoër die respon=dente se sosiale klas is.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(vi) Jongmense gebruik die swak en duidelik geartikuleerde allofoon van (r) meer dikwels as middeljariges aan die einde van 'n sillabe of voor een of meer konsonante aan die einde van 'n sillabe hoe formeler die taalgebruikstyl en hoe hoër die respondente se sosiale klas is.

Hoewel al die bevindinge van hierdie ondersoek deur middel van hierdie taalreëls geformuleer kan word, word daar met dié ses algemene reëls volstaan, aangesien hulle genoegsame aanduiding gee van die algemene geldigheid van die bevindinge.

## 5.6.2 Die begrippe "idiolek" en "sosiolek"

Hierdie navorsingsprojek lewer soos ander soortgelyke ondersoeke empiriese bewys vir die geldigheid van die taalteoretiese begrippe "isiolek" en "sosiolek".

Uit die gebruiksfrekwensietabelle van addendum E is dit duidelik dat geen twee respondente se gebruiksfrekwensies van enige van die getoetste foneme se allofone presies in alle style ooreenkom nie. Hierdie individuele of idiolektiese verskille word geïllustreer aan die hand van die gebruiksfrekwensiegegewens vir (r) van die eerste twee respondente van die Arbeidersklas.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

| NR | V | B | I | P | W | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 133 | 38 | 92 | 42 | 120 | 172 | 36 |
| 154 | 67 | 108 | 54 | 118 | 181 | 43 |

Tabel 5: Idiolektiese verskille in die gebruik van allofone in verskillende style

Wanneer daar hierbenewens in ag geneem word dat daar by individue ook leksikale, morfologiese en sintaktiese verskille is, ontstaan 'n duidelike beeld van hoe genuanseerd idiolektiewe verskille in werk=likheid is.

Verskeie ander belangrike aspekte van individue se idiolekte word deur die gebruiksfrekwensietabelle= aangedui.

Dit dui byvoorbeeld aan dat elke idiolek uit 'n bepaalde aantal taalgebruikstyle bestaan waarin die gebruiksfrekwensie van die verskillende allofone regstreeks beïnvloed word deur die spreker se geloofs=verband, sy ouderdom, die sosiale stratum waaraan hy behoort, ens.

Die tabelle dui ook aan dat 'n aantal idiolekte op grond van taalgebruiksooreenkomste en verskille afsonderlike sosiolekte vorm.

5.6.3 Sosiaal gestratifiseerde taalgebruik en taalevolusie

Hoewel spesifieke aspekte van taalevolusie

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

deeglik deur linguiste bestudeer en geformuleer is, soos byvoorbeeld studies oor deflektering, en fonologiese veranderinge in die Germaanse tale (die wette van Verner en Grimm), is daar benewens die werk van Labov-hulle tot dusver min aandag gegee aan die sosiale oorsake van taalevolu= sie. In hierdie afdeling word aangetoon dat ver= skeie sosiale faktore taalevolusie in die hand werk.

5.6.3.1 Onsekerheid in Taalgebruik

Omdat grafieke I 1-4 op p. 95 verskille in ouderdom, geloofsverband en klas in ag neem, word hulle gebruik in hierdie bespreking van on= sekerheid in taalgebruik as faktor by taalevolusie.

Wanneer in ag geneem word dat styl (I) res= pondente se onbevange alledaagse spraak verteenwoor= dig en styl (W) hulle versigtige gemoduleerde spraak, is dit duidelik dat die mate waarin hulle ongemak= lik voel oor hulle uitspraak - hulle gevoel van on= sekerheid - gemeet kan word aan die verskil in ge= bruiksfrekwensie tussen hierdie twee style. So 'n berekening lewer die volgende indeks vir onsekerheid in taalgebruik op:

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

| | Hoëklas | Middel= klas | Arbei= dersklas |
|---|---|---|---|
| jong Christene | 86 | 85 | <u>124</u> |
| Middeljarige Christene | 92 | 65 | 49 |
| jong Moslems | <u>116</u> | 95 | 60 |
| middeljarige Moslems | 66 | 40 | 32 |

Tabel 6: Indeks vir onsekerheid in taalgebruik by (r)-uitspraak

Uit hierdie tabel blyk dit duidelik dat respon= dente van alle ouderdomme, geloofsverbande en sosia= le klasse onseker voel oor hulle taalgebruik, maar dat veral jong Moslems van die Hoëklas en jong Chris= tene van die Arbeidersklas meer sensitief voel oor hulle uitspraak as andere.

ŉ Verdere aanduiding van die respondente se sen= sitiwiteit oor hulle taalgebruik is die feit dat hulle aan die einde van die onderhoud telkens met duidelike verligting gewillig was om die gestigmatiseerde allo= fone soos gewoonweg te gebruik toe hulle gerusgestel is dat alle mense sogenaamde "verkeerde" taalvorme ge= bruik as hulle sommer net lekker sit en gesels.

Hierdie duidelike manifestasie van onsekere taal= gebruik by alle Kleurlinge - maar veral by jongmense - is ŉ belangrike aanduiding van taalevolusie, aangesien dit die klimaat van onsekerheid weerspieël wat taal= verandering in die hand werk.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

5.6.3.2 Hiperkorrekte taalgebruik

'n Faktor wat Labov uitsonder as belangrik vir taalevolusie, is hiperkorrekte taalgebruik by die Middelklas. Met hiperkorrekte taalgebruik word bedoel dat respondente wat die gestigmatiseerde al=lofone normaalweg meer gebruik as andere, in die formele styl eensklaps oorslaan en die hoëstatus-allofone die meeste gebruik sodra hulle agterkom dat hulle taalgebruik getoets word. Hierdie ver=skynsel, wat ten nouste met onsekere taalgebruik saamhang, kom in die Kleurlinggemeenskap nie bloot by die Middelklas voor nie, maar ook by respondente van verskillende geloofsverbande en ouderdomme.

Grafieke C 3-4 en D 3-4 op pp. 78 en 79 toon byvoorbeeld onderskeidelik dat Moslems van die Mid=del- en Hoëklas se gebruiksfrekwensie van (j) en (k) se hoëstatus-allofone gedurende die lees van die woordelys - styl (W) - eensklaps hoër is as die van Christene, terwyl grafiek G 2 op p. 92 toon dat middeljarige Christene se hoëstatus /r/-uitspraak gedurende dié styl eensklaps hoër is as die jongmen=se s'n. Net so toon grafiek I op p. 95 dat jongmense van die Arbeidersklas die hoëstatus-/r/ gedurende die lees van die woordelys - sryl (W) - selfs meer as jongmense van die Hoëklas gebruik.

Uit hierdie sowel as die vorige afdeling oor onsekerheid in taalgebruik blyk die Kaapstad=se Kleurlinge se duidelike onvergenoegdheid

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

met hulle eie taalgebruik, die presiese gemoeds=
toestand wat taalevolusie in die hand werk.

5.6.3.3 Taalgebruiksverskille tussen jongmense en middeljariges as aanduiding van taal= evolusie

- Op grafiek G en H 1-4 op pp. 92 en 93 is aangetoon dat die verskille tussen jong en mid= deljarige Christene al hoe kleiner word hoe hoër die sosiale klas is, terwyl dit by jong en middel= jarige Moslems daarenteen al hoe groter word, hoe hoër die sosiale klas is. Indien hiermee saam in ag geneem word dat jong Moslems van alle klasse (r) se gestigmatiseerde allofoon in die informele styl (I) aansienlik minder gebruik as middeljariges en dat hierdie taalgebruiksverskil moontlik ook op leksikale en ander vlakke voorkom, dan is dit duidelik dat jong Moslems se taalgebruik van middeljarige Moslems s'n weg ontwikkel.

Die volgende algemene beeld van taalevolusie ont= staan uit 'n vergelyking van die grafieke:

(i) die taalgebruik van jong Moslems van alle klasse neig sterker in die rigting van Standaard-Afri= kaans as die taalgebruik van middeljarige Moslems

(ii) die taalgebruik van alle jong Christene en mid= deljarige Christene van die Middel- en Hoëklas neig vinniger in die rigting van Standaard-Afri= kaans as die taalgebruik van Middeljarige Chris=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

tene van die Arbeidersklas.

5.6.3.4 Ander faktore wat moontlik die tempo van taalevolusie beïnvloed

Wanneer die gebruiksfrekwensiegrafieke vir (r) en (ui) met dié van (j) en (k) vergelyk word, blyk dit dat die grafieke by (r) en (ui) laer teen die gebruiksfrekwensieskaal stratifiseer as dié van (j) en (k). Aangesien die gestigmatiseerde allofone oorwegend in die informele style gebruik word en die allofone met hoë status daarenteen oorwegend in die formele style, is dit duidelik dat die genoemde verskillende posisies in verhouding tot die gebruiksfrekwensieskaal nie daaraan toegeskryf kan word dat (r) en (ui) se "tipiese" Kleurling-allofone minder gestigmatiseer is as die "tipiese" Kleurling-allofone van (j) en (k) nie.

Die waarskynlikste vertolking hiervoor is dat alle respondente beter daarin slaag om (j) en (k) se gestigmatiseerde allofone te vermy as dié van (r) en (ui). In die praktyk kom dit daarop neer dat die respondente se gebruik van (j) en (k) se hoëstatus-allofone heel waarskynlik vinniger in die rigting van Standaard-Afrikaans evolueer as wat die geval is met dié van (r) en (ui). (Of dit werklik die geval is, sal 'n soortgelyke ondersoek oor 'n paar jaar aan die lig bring).

Daar is verskeie moontlike verklarings vir hierdie oënskynlike verskillende tempo's van evolusie in

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

die rigting van Standaard-Afrikaans.

Een moontlike verklaring word in die spesifieke fonologiese kenmerke van die betrokke allofone gevind. In die geval van (r) moet die spreker deurgaans ont= hou om 'n klank in te voeg waar hy dit normaalweg nie gebruik nie, terwyl hy in die geval van (ui) daarop moet konsentreer om slegs een enkele fonologiese ken= merk, naamlik gerondheid, in berekening te bring. By (j) en (k) daarenteen, moet hy telkens 'n duidelike identifiseerbare afsonderlike allofoon in die gestigma= tiseerde een se plek gebruik. Indien dit gedurende die oudiomonitoringsproses makliker is om een afsonder= like klank met 'n ander te vervang as om 'n nuwe klank in te voeg, of as om slegs een enkele fonologiese ken= merk in ag te neem, sou dit 'n goeie verklaring bied vir die feit dat die gebruiksfrekwensie van die gestig= matiseerde allofone hoër is by (r) en (ui) as by (j) en (k) en dus ook vir die moontlikheid dat (j) en (k) se gebruik vinniger in die rigting van Standaard-Afri= kaans evolueer as dié van (r) en (ui).

'n Tweede moontlike verklaring vir die oënskynlike verskil in evolusietempo is naamlik dat die voorkomsfre= kwensie van (r) en (ui) aansienlik hoër is as dié van (j) en (k). (Kyk p. 70). Omdat (r) en (ui) se voorkoms= frekwensie soveel hoër is as dié van (j) en (k), is dit waarskynlik vir die sprekers heelwat moeiliker om (r) en (ui) se gestigmatiseerde allofone so konsekwent met die hoëstatus-allofone te vervang as wat dit die geval

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

is met (j) en (k) s'n.

'n Derde moontlike verklaring vir die oënskynlike stadiger evolusietempo van (r) en (ui) as (j) en (k) hang saam met die verskynsel dat die klanksisteem van Standaard-Afrikaans besig is om vereenvoudig te word.

In verband met die oënskynlike trae evolusietem= po van Kleurling-Afrikaans se [əi] in die rigting van Standaard-Afrikaans se [œi]: daar is reeds verwys na Herzog Venter (1973) se betoog dat Standaard-Afri= kaans se vokaalstelsel aan die ontrond is, omdat die artikulasiebasis besig is om te ontspan en omdat ont= ronding tot die grootste moontlike gebruiksekonomie lei. Daar is ook na aanleiding van Weijnen (1970:36) getoon dat vokaalontronding 'n historiese proses is wat reeds in Middelnederlands voorkom. (Hoe gevestig vokaalontronding is, kan afgelei word uit die feit dat die Afrikaanse woord "dierbaar" histories van "duurbaar" afgelei is. Op p. 35 is ook aangevoer dat vokaalontronding in Standaard-Afrikaans (en dus ook in Kleurling-Afrikaans) toe te skryf is aan die vereen= voudiging van Afrikaans se vokaalmarkeringstelsel wat met drie tipes gemarkeerdheid (nasalering, lengte en gerondheid) 'n besonder ingewikkelde markeringstelsel is.

Aangesien uit die bogenoemde gegewens afgelei kan word dat Standaard-Afrikaans se sogenaamde hoë= status geronde vokale op hulle beurt in der waarheid besig is om in die rigting van Kleurling-Afrikaans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

se gestigmatiseerde ontronde allofone te ontwikkel, is dit duidelik dat die evolusietempo van Kleurling-Afrikaans se ontronde vokale in die rigting van ge=rondheid vertraag móét word indien dit nie alreeds deur die ontronding van Standaard-Afrikaans se vo=kale gestuit is nie.

Wat die oënskynlike trae evolusietempo van die postvokaliese (r) betref, is ek op grond van terloopse (en dus onsistematiese) waarneming oortuig daarvan dat 'n swak geartikuleerde (r) relatief dikwels in die sillabe-vooreind- en voorvooreindposisie gebruik word terwyl (r) soms in die sillabe-eindposisie weg=val soos in Kleurling-Afrikaans, byvoorbeeld:

(i) [di æ(r)ts'trəin lo:p sal'da'na tu]

(ii) [di kɔ'səs fa(r)s] en

(iii) [va:()'səi nœu // həis da:()'na'tu]

Omdat daar weinig inligting oor die postvokaliese (r) in Afrikaans beskikbaar is, is dit nie moontlik om te sê of die swak artikulasie en die wegval van (r) in die verskillende sillabe-eindposisies aan voorafgaande of daaropvolgende fonologiese omgewings te wyte is, en of (r) nie dalk besig is om in dié posisie te verswak om dubbele en drieledige konso=nantklosse te vereenvoudig nie. Enige van die twee verklarings afsonderlik of albei gesamentlik bied egter 'n verklaring vir die oënskynlike trae evolusie=tempo van (r).

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

In die voorafgaande paragrawe is betoog dat die oënskynlike trae evolusietempo van sowel (r) as (ui) ten minste gedeeltelik daaraan toe te skryf kan word dat die klankstelsel van Afrikaans in die twee gevalle besig is om in die rigting van Kleurling-Afrikaans se sogenaamde gestigmatiseerde allofone te ontwikkel. Net so kan (j) en (k) se relatiewe snelle evolusietempo ook aan die vereenvoudiging van Afrikaans se klankstelsel toegeskryf word. Dit is naamlik duidelik dat dit uit 'n artikulatoriese oogpunt makliker is om [j] en [k] uit te spreek as hulle affrikatiewe allofone [dʒ] en [tʃ], en dus makliker om [jɔ'ŋi'ki] te sê as [dʒɔ'ŋi'tʃi].

Die betoog van hierdie hele afdeling kan dus saamgevat word deur te sê dat die oënskynlik trae evolusietempo's van (r) en (ui) sowel as die relatiewe snelle evolusietempo's van (j) en (k) in die rigting van Standaard-Afrikaans toegeskryf kan word aan:

(i) die spesifieke fonologiese kenmerke van die verskillende allofone

(ii) die relatiewe voorkomsfrekwensie van die foneme en

(iii) die vereenvoudiging van Standaard-Afrikaans se klanksisteem.

5.6.3.5 Die invloed van die Arbeidersklas

Uit die verhandeling tot dusver is dit duidelik dat die uitspraak van Standaard-Afrikaans

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

en die algemene lewenstyl van die Blanke gemeen= skap hoë status in die Kleurlinggemeenskap geniet, terwyl die uitspraak en algemene lewenstyl van die Arbeidersklas-Kleurlinge gestigmatiseer word.

Nou ontstaan die vraag egter waarom die ge= bruiksfrekwensie van die gestigmatiseerde allofone in weerwil van hulle lae status tog so hoog is, ver= al gedurende informele taalgebruik wanneer die spre= kers ontspanne en natuurlik optree.

'n Moontlike verklaring hiervoor is die feit dat onderwysers, wat Standaard-Afrikaans as norm voorhou, self geneig is om die gestigmatiseerde allofone te gebruik, met die gevolg dat Kleurling-Afrikaans gedeeltelik deur die onderwys self geper= petueer word.

By een geleentheid het onderwysers gedurende pouse in die teekamer byvoorbeeld die gestigmati= seerde foneme en Engesle woorde vryelik in my teen= woordigheid gebruik tot een van die leerlinge met tee ingekom het. Toe die leerling inkom, het almal na Standaard-Afrikaas toe oorgeslaan, en weer te= rug na hulle gestigmatiseerde taalgebruik toe die kind weer uit is.

By 'n ander geleentheid het 'n juffrou 'n seun= tjie herhaaldelik vermaan om nie [dʒəi] te lees nie, maar [jəi]. Toe die leerling ten spyte van haar her= haalde vermaninge egter met [dʒəi] volhou en sy dui=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

delik al hoe senuweeagtiger word, het sy naderhand radeloos uitgeroep: [ial'tən/ ma:() ɛk sɛ: mɔs fə() dʒœu/ mu'ni dʒəi sɛ: ni].

Die feit dat Kleurling-Afrikaans gedeeltelik op skool self aangeleer word, bied egter nie 'n vol= ledige verklaring vir die algemene gebruik daarvan nie. Dit is dus duidelik dat daar kragte in die Kleurlinggemeenskap self aan die werk moet wees wat veroorsaak dat gestigmatiseerde taalvorme bly gebruik word.

'n Belangrike oorsaak vir die hoë gebruiksfre= kwensie van gestigmatiseerde taalvorme wat gedurende die ondersoek aan die lig gekom het, is die verskyn= sel dat die Arbeidersklas weens hulle getalsoorwig (en verskeie ander sosiale faktore wat noukeurige sosiologiese studie verg,) besig is om van onder af druk op die Kleurlinggemeenskap uit te oefen om in die afwesigheid van Blankes gestigmatiseerde taal= vorme te gebruik.

Kenmerkende kommentaar oor sosiale druk wat op nuwe aankomelinge in die stad uitgeoefen word om ook tipiese Kaapse taalvorme te gebruik, is dié van res= pondent no. 102, van die Arbeidersklas wat 'n paar jaar vantevore uit Heidelberg (Kp.) Kaapstad toe ver= huis het: [tu ɛk nœu sta'tu kɔm/ tu pas ɛk məi na'ty:()lək a:n mɛ'di ma'ni:(r) vat hə'lə hi:() pra:t//

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ɛk sal sɛ: brəŋ fə() məi su'fe:l əi'və// nœu/ vat vər'ke:(r)t əs// ɛk sal ni sɛ: vɛrk ni ɔm'dat/ ɛk hɛt/ dət əs nœu mɔs ma:r vɛ:()k so:s hœ'lə mɔs nœu ma:r hi:(r) pra:t].

Verskeie respondente van die Middelklas het in gesprekke na die onderhoude aangedui dat hulle soms doelbewus die gestigmatiseerde taalvorme ge= bruik om vir hulle bure aanvaarbaar te wees. Dié feit kan ook afgelei word uit die transkripsie van respondent no. 126 op p. 24 waar hy duidelik aan= toon dat sy gebruik van verskillende style, en dus ook die wisselende gebruiksfrekwensie van hoësta= tus- en gestigmatiseerde taalvorme, direk verband hou met die omstandighede waarin hy hom bevind.

'n Ander respondent, no. 136. 'n skoolhoof, het in dié verband die mening uitgespreek dat die hoë skoolverlatingsyfer van kinders uit die Arbeiders= klas gedeeltelik toe te skryf is aan toenemende weer= stand in die Arbeidersklas teen die gebruik van Stan= daard-Afrikaans. Volgens hom word 'n kind uit die Arbeidersklas op skool geleer om die taalgebruik en algemene lewenstyl van sy ouers as onbeskaaf te be= skou. Dit lei tot ambivalente gedrag wat in baie gevalle veroorsaak dat kinders gedwing word om hulle met die skoolstelsel te identifiseer en hulle ouers te verwerp, òf met hulle ouers te identifiseer en die skoolstelsel te verwerp. Indien hierdie respon=

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

dent se vertolking van die situasie korrek is, is dié 'n saak wat dringende deskundige ondersoek verg.

Dié navorsingsprojek het die duidelike indruk gelaat dat respondente weens druk van onder geneig is om in informele situasies, waar Blankes nie teen= woordig is nie, gestigmatiseerde taalvorme te gebruik terwyl hulle gedurende formele situasies, veral waar Blankes teenwoordig is, geneig is om die gestigmati= seerde taalvorme te onderdruk en hulle stelselmatig en toenemend met hoëstatus-taalvorme te vervang.

Hieruit kan afgelei word dat sosiaal gestrati= fiseerde taalgebruik die produk is van sosiale druk van bo om hoëstatusvorme in formele situasies te ge= bruik, sowel as druk van onder om gestigmatiseerde taalvorme in informele situasies te gebruik, en dat die tempo van taalevolusie weg van die gestigma= tiseerde taalvorme af onder andere beïnvloed word deur watter een van die twee vorme van sosiale druk in die lange duur die sterkste is.

## 5.7 Algemene besluit

Hymes kom (in Pride & Holmes 1972:276) betref= fende empiries kontroleerbare taalnavorsing tot die volgende gevolgtrekking: "In sum, if one analyses the language of a community as if it should be homo= geneous, its diversity trips us up around the edges. If one starts with analysis of the diversity, one can

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

isolate the homogeneity that is truly there."

Die navorsingsprosedure van hierdie ondersoek is na aanleiding van Labov se navorsing in New York City binne die grense van die Variasionele Linguis=tiek ontwerp. Daar is gepoog om met verantwoording van beide sosiale en taalveranderlikes die onder=liggende, reëlmatige variasiesisteem, sosiaal gestra=tifiseerde taalgebruik, in Kaapstadse Kleurling-Afrikaans bloot te lê deur ontleding van (r), (ui), (j) en (k) se allofone in verskeie taalgebruikstyle. Daar is ook gepoog om met verwysing na Kaapstadse Kleurling-Afrikaans vas te stel in watter mate ge=stratifiseerde taalgebruik taalevolusie in die hand werk.

Daar is naamlik, met inagneming van Lyons (1972:1) se kriteria vir wetenskaplike navorsing, bevind dat hiërargies geordende sosiale faktore soos geloofsverband, status en ouderdomsverskil so 'n duidelike invloed op die taalgebruik van Kaapstad=se Kleurling-respondente het dat hulle taalgebruik deur middel van grafieke as sosiaal gestratifiseer getipeer kan word, 'n bevinding wat saam met soortge=lyke studies bydra tot die gevolgtrekking dat Labov (1966a) se bevindinge in verband met sosiaal gestra=tifiseerde taalgebruik nie net tot New York City be=perk is nie, maar wel universeel geldig is. Daar is verder aan die hand van die gebruiksfrekwensietabelle

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

(addendum E) regverdiging gevind vir die begrippe "idiolek" en "sosiolek" en na aanleiding van die stratifikasiegrafieke aangevoer dat die taalgebruik van Christen-Kleurlinge in die algemeen vinniger in die rigting van Standaard-Afrikaans evolueer as dié van Moslem-Kleurlinge, en dié van jongmense vinniger as dié van middeljariges, veral in die ge= val van Moslem jongmense. Daar is verder na aanlei= ding van die relatief hoër gebruiksfrekwensie van (r) en (ui) se gestigmatiseerde allofone as die van (j) en (k) in alle style, aangevoer dat die spesi= fieke fonologiese kenmerke van die verskillende allo= fone, die voorkomsfrekwensie van die onderskeie fo= neme sowel as die vereenvoudiging van Afrikaans se klanksisteem die evolusietempo van Kleurling-Afri= kaans in die rigting van Standaard-Afrikaans beïn= vloed.

Daar is ook met verwysing na die spanning wat daar tussen Kleurlinge van die Arbeidersklas en die ander klasse bestaan aan die hand van spesifie= ke taalgebruiksinsidente tot die gevolgtrekking gekom dat sosiaal gestratifiseerde taalgebruik die produk= is van beide sosiale druk van Kleurlinge in die hoër klasse, omdat hulle hulle met die lewensstyl van Blankes identifiseer, sowel as sosiale druk van onder van Arbeirdersklas-Kleurlinge, wat hulleself weens hulle getalsoorwig en hulle leidelike verset teen

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

Kleurlinge van die hoër klasse laat geld, en dat die wisselwerking tussen sosiale druk van bo en van onder die evolusietempo van Kleurling-Afrikaans ook beïnvloed.

Verder word hier beklemtoon dat sosiaal gestratifiseerde taalgebruik maar slegs een van 'n hele aantal prosesse is wat taalevolusie in die hand werk, aangesien prosesse soos analogiewerking, ontlening en doelbewuste woordskeppinge belangrike veranderinge in die tale van veral geïndustrialiseerde gemeenskapppe teweeg bring.

Ten slotte word daarop gewys dat die ses algemene taalreëls vir sosiaal gestratifiseerde taalgebruik (pp. 99-101) empiries gefundeer is, terwyl die vertolking van die grafieke om die verwantskap tussen sosiaal gestratifiseerde taalgebruik en taalevolusie aan te dui, daarenteen in 'n mate impressionisties is. Die mate waarin die sosiale faktore geloofsverband, status en ouderdomsverskil die evolusietempo van Kaapstadse Kleurling -Afrikaans werklik beïnvloed, sal eers bo alle twyfel aan die lig kom indien 'n soortgelyke studie oor 'n paar jaar uitgevoer word.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

BRONNELYS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# BRONNELYS


BAILEY, C.N. 1973 "Variation resulting from different rule orderings in English phonology," in Bailey, C.N. & Shuy, R.W. New ways of analyzing variation in English. Washington Georgetown Univ. Press.

BERGEL, E.E. 1955 Urban sociology. New York : Mc Graw-Hill.

BERNSTEIN, B. EN HENDERSON, D. 1972 "Social class differences in the relevance of language to socialization," in Fishman, J.A. Advances in the sociology of language, Vol. II. Den Haag : Mouton.

BLOOMFIELD, L. 1970 Language, London : George Allen & Unwin.

BOSMAN, D.B. 1923 Oor die ontstaan van Afrikaans. Amsterdam : Swets & Zeitlinger.

BOTHA, R.P. 1968 The function of the lexicon in transformational generative grammar. Den Haag : Mouton.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

BRIGHT, W. 1966 "Language, social stratification and cognitive orientation," in Lieberson, S. Explorations in sociolinguistics. Den Haag : Mouton.

BREDEMEIER, H.C. EN STEPHENSON, R.M. 1965 The analysis of social systems. New York : Holt, Rinehart & Winston.

BROWN, R. EN GILMAN, A. 1970 "The pronouns of power and solidarity," in Fishman, J.A. Readings in the sociology of language. Den Haag : Mouton.

CHOMSKY, R. 1966 Cartesian linguistics. New York : Harper & Row.

1968 Language and mind. New York : Harcourt Brace Jovanovich Inc.

1970 Current issues in linguistic theory. Den Haag : Mouton.

1971 Chomsky : selected readings (ed. Allen, J.P.B. en Van Buren, P.). London : Oxford University Press.

1972 Syntactic structures. Den Haag : Mouton.

CILLIERS, S.P. 1971 Appeal to reason. Stellenbosch : University Publishers.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

CILLIERS, S.P. 1972 "Factors relating to the productivity of Coloured workers in Industry," ongepubliseerde referaat, op 7 Augustus 1972 voor die Institute for Production Engeneering gelewer.

DE BRUTO, H.F. EN WISSING, D. 1974 _Aspekte van 'n Afrikaanse T.G.G. - fonologie_. Johannesburg : Mc Graw Hill Boekmaatskappy.

DE VILLIERS, M. 1969 _Afrikaans klankleer_. Kaapstad : A.A. Balkema.

DU PLESSIS, I.D. 1930 _Die bydrae van die Kaapse Maleier tot die Afrikaanse Volkslied_. Kaapstad : Nasionale Pers.

FAIRCHILD, H.P. EN ANDERE 1955 _Dictionary of sociology_. Iowa Littlefield Adams, Ames.

FISCHER, J.L. 1964 "Social influence in the choice of a linguistic variant," in Hymes, D. _Language in culture and society_. New York : Harper & Row.

FRANKEN, J.L.M. 1930 "Maleise en Portugese relikte aan die Kaap van vandag," in _Die Huisgenoot_, 24 Oktober - 14 November 1930.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

GIMSON, A.C. 1973 An introduction to the pronunciation of English. Bristol : Eduard Arnold.

HYMES, D. 1972 "On communicative competence," in Pride, J.B. & Holmes, J. Sociolinguistics. Penguin Books.

JACOBS, R.A. EN ROSENBAUM, P.S. 1968 English Transformational Grammar. Massachusetts : Blaisdell Publishing Company.

LABOV, W. 1966a The social stratification of English in New York City. Washington D.C. : Center for Applied Linguistics.

1966b "Phonological correlates for social stratification," in American Anthropologist 66.6, pp. 164-172.

1966c "Hypercorrection by the lower middle class as a factor in linguistic change," in Bright, W. Sociolinguistics. Den Haag : Mouton.

1966d "The effect of social mobility on linguistic behaviour," in Lieberson, S. Explorations in Sociolinguistics. Den Haag : Mouton.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

LABOV, W. 1969 "Contraction, deletion and inherent variability of the English copula," in Language. vol. 45, nr. 4, pp. 715-762.

1970a "The reflection of social prc cesses in linguistic struc= tures," in Fishman, J.A. Readings in the sociology of language. Den Haag : Mouton.

1970b "Stages in the aquisition of standard English," in Hunger= ford, H., Robinson, J. & Sledd, J. English linguistic Glenview, Illinois : Scott, Foresman & Company.

1970c "The study of language in its social context, in Studium Generale, vol. 23. New York Springer-Verlag.

1972a "The study of language in its social context," in Fishman, J.A. Advances in the sociolo= gy of language, vol. 1. Den Haag : Mouton.

1972b "The study of language in its social context," in Pride & Holmes, Sociolinguistics, Penguin.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

LABOV, W. 1972c "Rules for ritual insults," in Sudnow, D. _Studies in social interaction_. New York : The Free Press.

1972d "On the mechanism of linguistic change," in Gumperz, J.J. & Hymes. D. _Directions in Sosiolinguistics_. New York : Halt, Rinehart & Winston.

1972e _Sociolinguistic patterns_. Philadelphia : Univ. of Pennsylvania Press. (Die meeste van Labov se artikels is in geredigeerde weergawe in dié bundel opgeneem).

1973 "The boundaries of words and their meanings," in Bailey, C.N. & Shuy, R.W. _New ways of analyzing variation in English_. Washington : Georgetown Univ. Press.

LANHAM, L.W. 1967 _The pronunciation of South African English_. Kaapstad : A.A. Balkema.

LE ROUX, J.J. 1949 _Praatjies oor ons taal_. Kaapstad : Nasionale Pers.

LE ROUX, T.H. EN PIENAAR, P. de V. 1967 _Uitspraakwoordeboek in Afrikaans_. Pretoria : J.L. van Schaik.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

LINDEFELD, J. 1972 "The social conditioning of syntactic variation in French, in Fishman, J.A. Advances in the sociology of language, vol. 2. Den Haag : Mouton.

LYONS, J. 1971 Chomsky. Suffolk : Fontana.

1972 Introduction to theoretical linguistics. Cambridge University Press.

MARAIS, M. 1957 The Cape Coloured People, 1952-1937. Johannesburg : Witwatersrand Univ. Press.

Mc DOWELL, J. EN Mc RAE, A. 1972 "Differential response to class and ethnic components...' in Anthropological linguistics, vol. 14, no. 6.

MITCHELL, G.D. 1963 Sociology. London : University Tutorial Press.

NESSLY, L. 1973 "Nativization and variation in English Phonology," in Bailey, C.N. & Shuy, R.W. New ways of analyzing variation in English. Washington : Georgetown Univ. Press.

NIENABER, G.S. 1934 Oor die Afrikaanse taal. Amsterdam : Swets & Zietlinger.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

RADEMEYER, J.H. 1938 *Kleurling Afrikaans*. Ongepu= bliseerde M.A.-verhandeling: Universiteit van Stellenbosch.

SANKOFF, G. 1973 "Above and beyond phonology in variable rules," in Bailey, C.N. & Shuy, R.W. *New ways of analyzing variation in English*. Washington : Georgetown Univ. Press.

SANKOFF, G. EN CEDERGREN, H.J. 1971 "Some results of a sociolinguis= tic study of Montreal French," in Darnell, R. *Linguistic diversity in Canadian society*. Linguistic Research, Inc.

SCHOLTZ, J. du P. 1957 *Afrikaans uit die vroeë tyd*. Kaapstad : Nasou

SHUY, R.W. WOLFRAM, W.A. EN RILEY, W.K. 1968 *Field techniques in an urban language study*. Center for Applied Linguistics.

TRUDGILL, P. 1973 "Phonological rules and socio= linguistic variation in Norwich English," in Bailey, C.N. & Shuy, R.W. *New ways of analyzing variation in English*. Washington : Georgetown Univ. Press.


Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

TRUDGILL, P. 1974a The social differentiation of English in Norwich. Cambridge Univ. Press.

1974b Sociolinguistics. Penguin Books.

UVAROV, E.B. EN CHAPMAN, D.R. 1973 A dictionary of science. Penguin.

VAN DER MERWE, H.J.J.M. EN DE KLERK, W.J. 1971 "Taalkontak," in Van der Merwe, H.J.J.M. Inleiding tot die taalkunde. Pretoria : Van Schaiks.

VAN DER MERWE, H.W. 1957 Social stratification in a Cape Coloured community. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling : Universiteit van Stellenbosch.

VAN DER ROSS, R.E. 1973 "The dilemma of the Coloured People," in Race and politics in South Africa. Department of Extra Mural Studies : University of Cape Town.

VAN RENSBURG, M.C.J.
VAN WYK, E.B. EN STEYN, J.C. 1973 T.G.G. : 'n Eerste oorsig. Johannesburg : Mc Graw-Hill.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

VAN SCHALKWYK, C. 1969 *Konvergensietendense in die Afrikaans en Engels van twee- en dubbeltalige Kleurlinge van Bellville-Suid soos ge= manifesteer in die sinsklank= vorm*. Ongepubliseerde D. Lit. et Phil-verhandeling : Unisa.

VENTER, H. 1973 "Vokaalontronding in Afri= kaans," *Taalfasette 16*.

WEIJNEN, A.A. 1970 *Het schema van de klankwetten*. Assen : Van Gorcum & Comp.

WEINREICH, U. LABOV, W. EN HERZOG, I. 1968 "Empirical foundations for a theory of language change," in Lehman, W.P. & Malkiel, Y. *Directions for historical Linguistics*. Austin : Uni= versity of Texas.

WEINREICH, U. 1968 *Languages in contact*. Den Haag : Mouton.

1970 "Is a structural dialectology possible?" in Fishman, J.A. *Readings in the sociology of language*. Den Haag : Mouton.

WOLFRAM. W.A. 1969 *A sociolinguistic description of Detroit Negro Speech*. Center for applied linguistics.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

WOLFRAM, W.A. 1973 "On what basis variable rules?" in Bailey, C.N. & Shuy, R.W. _New ways of ana= lyzing variation in English_. Washington : Georgetown Univ. Press.

TOEVOEGINGS

FASOLD, R.W. 1972 _Tense marking in Black English : A linguistic and social analysis_. Washington : Center for applied linguistics.

LABOV, W. 1963 "The social motivation of a sound change," in _Word_ 19: 273-309.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

ADDENDUM A

KAART VAN NAVORSINGSGEBIED

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022




* Names underlined in red denote Suburbs

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# ADDENDUM B

## DIE BEKENDSTELLINGSBRIEF

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

INSTITUTE FOR EDUCATIONAL RESEARCH

P.O. Box 365
SOMERSET WEST
7130

Dear Mr & Mrs

The Institute for Educational Research is doing some practical research in the vicinity of Cape Town at the moment. The aim of this project is to talk to parents in order to get their opinions and advice about certain educational matters.

You and some other parents have been selected to ad= vise us on these matters and will be visited by one of our research workers within the next few weeks. Your participation in this project will not place you under any obligation.

Although you do not have to take part in the project, we sincerely hope that you will be willing to help us like so many other parents have already done.

Yours sincerely,

Director of Research

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# ADDENDUM C

# DIE PROSA-LEESSTUK

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

LEROY LAG

'EK EN TWEE MAATS, LEROY PETERSEN EN HENRY JAMES HET 'N PAAR DAE GELEDE BESLUIT OM SAAM MET MY PA IN TE RY STAD TOE OM SOMMER 'N BIETJIE DAAR ROND TE LOOP. VOOR ONS DIE OGGEND RY, SÊ MY PA VIR MY BOETIE: "ELTON, JY MOET NOU NIE WEER VAN= DAG SO STOUT WEES NIE EN BLY MET JOU KETTIE WEG VAN DIE RUITE AF." EK SÊ SO IN DIE VERBYGAAN MET SY OOR TUSSEN MY VOORVINGER EN DUIM: "EN JY BLY OOK MET JOU KETTIE WEG VAN MY DUIWE AF, GEHOOR! LAAS WEEK HET HY EEN VAN MY TUMBLERS SE BEEN AF= GESKIET. EN JY EN DIE SEUNTJIES LANGSAAN BLY UIT MY KAMER UIT." MY PA BEGIN AL ROEP EN EK PLUK DIE JONGETJIE SE OOR VIR OULAAS SODAT HY MOOI KAN HOOR: "EN BLY UIT DIE DUIWEHOK UIT, DAAR'S 'N WYFIE WAT BROEI EN DAAR'S KLEINTJIES OOK. EN VANDAG VANG JY DAAI MUIS WAT DIE DUIWE SE MIELIES SO VREET, ANDERS HAAL DIE DUIWEL JOU VANAAND!" KLEIN BOETIE IS VREESLIK STOUT! OP DIE PARADE LOOP HENRY, LEROY EN EK AGTER 'N VET ANTIE WAT SO MET DIE PAKKIES GELAAI IS DAT SY SEKER NIKS KON SIEN WAT VOOR HAAR VOETE AANGAAN NIE. BY DIE SYPAADJIE HAAK HAAR VOET VAS EN SY VAL DAT JY NET SIEN PAKKIES TREK.

TOE DIE ANTIE VAL, BEGIN LEROY SOMMER HARDOP TE LAG, MAAR HENRY HOU SY LYF DANIG GENTLEMAN EN SÊ: "SIES, SKAAM VIR JOU DAT JY SO VIR DIE ANTIE LAG! HET JOU MA JOU DAN GEEN MANIERE GELEER NIE?"

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

EK SLUK MY LAG WEG EN TEL TAMATIES, UIE, NARTJIES, AARTAPPELS EN DRUIWE OP TERWYL HENRY DIE VERBAASDE ANTIE WEER OP HAAR VOETE KRY. LEROY KRUIP NOG STEEDS TUSSEN DIE VUILGOED EN PAPIERE OP DIE GROND ROND EN HY HUIL EINTLIK SOOS HY LAG. EK MOET SÊ, DIE ANTIE HET BRA SNAAKS GELYK MET HAAR STUKKENDE SYKOUSE EN DIE VERSPOTTE HOEDJIE SO SKUINS OOR HAAR EEN OOG.

TOE ONS DIE ANTIE EN AL HAAR GOED WEER BYME= KAAR HET, STAAN LEROY OP, VEE DIE TRANE VAN SY WANGE AF EN SÊ: "ANTIE, EK IS JAMMER EK HET SO VIR ANTIE GELAG, MAAR EN LAG ALTYD AS EK SO IETS SIEN GEBEUR," EN HY KRY DIT SOWAAR REG OM SOMMER BAIE SPYT TE LYK.

DIE ANTIE STOOT HAAR HOEDJIE MOOI REG EN ANT= WOORD: "TOEMAAR, JONGETJIE, EK LAG OOK ALTYD OP DIE VERKEERDE TYD, EN DIT HET SEKER OOK MAAR SNAAKS GELYK OM SO 'N VET OU VROU MET SOVEEL PAK= KIES TE SIEN VAL!" DIE ANTIE SIT HAAR PAKKIES NET DAAR OP DIE SYPAADJIE NEER EN SY BEGIN LAG. TOE LAG ONS AL VIER DAT DIE TRANE SO ROL. DIE ANTIE, LEROY, HENRY EN EK: EN ONS LAG SO LEKKER DAT DIE MENSE NADERSTAAN OM TE SIEN WAT DE DUIWEL NOU AAN DIE GANG IS MET DIE OU VROU EN DIE SEUNS.'

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# ADDENDUM D

# DIE WOORDELYS

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

| | | |
|---|---|---|
| weer | anders | druiwe |
| keer | maniere | huis |
| verf | leer | kruis |
| luiperd | hardop | duif |
| water | terwyl | huiswerk |
| wortel | verspot | duiwel |
| motorfiets | bymekaar | muis |
| modder | lekker | vuil |
| voer | nader | uil |
| renoster | jeuk | muil |
| suiker | jaag | skuif |
| hardloop | bobbejaan | lui |
| hare | jakkals | skuif |
| boer | jy | muil |
| visserman | jou | seuntjie |
| eier | julle | dogtertjie |
| smeer | jong | kleintjie |
| horlosie | jaar | voëltjie |
| skoenlapper | jongetjie | babatjie |
| dokter | ui | vulletjie |
| pleister | vliegtuig | jongetjie |
| hardloop | suiker | nartjie |
| voor | huil | sypaadjie |
| weer | tuin | hondjie |
| hoor | volstruis | |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# ADDENDUM E

## DIE GEBRUIKSFREKWENSIETABELLE

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

| [illegible] | OUDERDOM | [illegible] | KINDERDAE KAAPSTAD | KINDERDAE ELDERS | BEROEP VAN MAN | BEROEP VAN VROU | TIPE WONING | (r) | | | | | | (ui) | | | | | | (j) | | | | | | (k) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | V | B | I | P | W | S | V | B | I | P | W | S | V | B | I | P | W | [illegible] | V | B | I | P | W | S |
| 114 | 23 | VR | + | | Chauffeur | Werk nie | Ekon. munsp. | 73 | 90 | 62 | 110 | 150 | 76 | 67 | 89 | 48 | 137 | 156 | 55 | 170 | 178 | 143 | 190 | 200 | 128 | 178 | 161 | - | 163 | 184 | 67 |
| [illegible] | 32 | VR | + | | [illegible]akteur | Kassiere | Ekon. priv. huur | 56 | 87 | 43 | 92 | 112 | 21 | 84 | 90 | 37 | 92 | 140 | 54 | 168 | 182 | 152 | 200 | 200 | 124 | 185 | 193 | 128 | 190 | 200 | 80 |
| 120 | 32 | VR | + | | Elektrisiën | Voorradeklerk | Ekon. munsp. | 79 | 128 | 52 | 98 | 116 | 32 | 47 | 60 | 27 | 70 | 105 | 0 | 170 | 200 | 146 | 189 | 200 | 78 | 166 | 175 | 137 | 154 | 200 | 50 |
| 11[illegible] | 35 | VR | - | Belville | Vissersbootkaptein | Verkoopsdame | Ekon. munsp. | 47 | 63 | 43 | 77 | 82 | 56 | 47 | 61 | 28 | 72 | 139 | 15 | 116 | 150 | 100 | 200 | 200 | 20 | 122 | 169 | 127 | 192 | 200 | 42 |
| 138 | 36 | ML | - | [illegible] | Tegniese Opleidings-beampte. | Werk nie | Ekon. munsp. | 75 | 100 | 65 | 73 | 182 | 72 | 77 | 50 | 25 | 94 | 130 | 13 | 182 | - | 171 | 175 | 200 | 117 | 183 | 171 | 100 | 131 | 133 | 50 |
| 152 | 37 | VR | + | | Verkoopsman | Boekhoudster | Sub.munsp. | 57 | 85 | 40 | 103 | 146 | 59 | 38 | 47 | 36 | 85 | 112 | 20 | 120 | 138 | 80 | 160 | 183 | 93 | 148 | 154 | 76 | 98 | 174 | 100 |
| 153 | 38 | VR | + | | Hyskraan-operateur | Verkoopsdame | Ekon. munsp. | 69 | 96 | 67 | 83 | 103 | 21 | 54 | 65 | 31 | 78 | 124 | 28 | 143 | 117 | 69 | 133 | 157 | 76 | 136 | 148 | 92 | 141 | 161 | 124 |
| 118 | 40 | VR | + | | Klerk | Opleidster-klere-fabriek. | Ekon. munsp. | 38 | 67 | 42 | 61 | 71 | 67 | 40 | 74 | 60 | 67 | 110 | 38 | 178 | 114 | 100 | 200 | 200 | 143 | 187 | 200 | 133 | 182 | 200 | 144 |
| 104 | [illegible] | VR | + | | Ambulansman | Werk nie | Ekon. munsp. | 48 | 73 | 24 | 67 | 141 | 25 | 09 | 35 | 08 | 25 | 65 | 08 | 158 | 162 | 87 | 181 | 200 | 32 | 142 | 121 | - | 108 | 200 | 0 |
| 126 | 41 | ML | + | | Stoorman | Winkel-assistent | Ekon. munsp. | 77 | 136 | 76 | 102 | 190 | 85 | 86 | 106 | 71 | 115 | 190 | 90 | 156 | 180 | 150 | 160 | 200 | 89 | 180 | 191 | 117 | 150 | 180 | 183 |
| 121 | 3[illegible] | VR | - | Port Elizabeth | Voorradeklerk | Klerk | Ekon. munsp. | 86 | 92 | 91 | 105 | 136 | 85 | 85 | 100 | 50 | 110 | 114 | 60 | 157 | 157 | 86 | 171 | 114 | 60 | 194 | 186 | 124 | 183 | 200 | 109 |
| | 37 | | | | | | | 64 | 92 | 55 | 88 | 130 | 54 | 57 | 70 | 38 | 86 | 126 | 35 | 156 | 158 | 143 | 178 | 187 | 87 | 165 | 165 | 103 | 154 | 184 | 86 |
| 141 | 25 | VR | + | | Bouvoorman | Sekretaresse | Priv. eiendom | 71 | 92 | 49 | 107 | 130 | 40 | 20 | 32 | 16 | 57 | 110 | 16 | 100 | 116 | 86 | 86 | 190 | 105 | 110 | 116 | 83 | 161 | 162 | 76 |
| 146 | 27 | VR | + | | Karweider | Werk nie | Ekon. munsp. | 60 | 78 | 45 | 17 | 105 | 49 | 33 | 48 | 18 | 90 | 150 | 25 | 134 | 150 | 81 | 174 | 190 | 90 | 143 | 159 | 102 | 170 | 184 | 94 |
| 130 | 28 | VR | + | | Kafeebestuurder | Toonbankassistente | Ekon. priv. huur | 66 | 87 | 43 | 100 | 171 | 55 | 28 | 31 | 22 | 93 | 143 | 24 | 170 | 186 | 125 | 167 | 187 | 156 | 150 | 164 | 171 | 160 | 160 | 70 |
| 157 | 2[illegible] | VR | + | | Hyskraanoperateur | Kleremaakster | Ekon. priv. huur | 37 | 93 | 27 | 64 | 140 | 34 | 17 | 28 | 07 | 70 | 100 | 21 | 103 | 117 | 60 | 180 | 197 | 77 | 118 | 131 | 80 | 184 | 200 | 93 |
| 113 | 29 | VR | + | | TV-tegnikus | Werk nie | Ekon. munsp. | 24 | 48 | 32 | 40 | 97 | 20 | 21 | 63 | 40 | 81 | 181 | 0 | 119 | 120 | 54 | 162 | 200 | 50 | 100 | 130 | - | 170 | 160 | 16 |
| 123 | 30 | VR | + | | Bouvoorman | Verkoopsdame | Ekon. munsp. | 42 | 65 | 35 | 37 | 100 | 28 | 0 | 33 | 18 | 29 | 92 | 26 | 87 | 183 | 183 | 193 | 200 | 173 | 160 | 167 | 140 | 191 | 200 | 133 |
| 122 | 32 | VR | + | | Voorman (Munsp.) | Werk nie | Sub. munsp. | 37 | 52 | 24 | 50 | 73 | 21 | 11 | 17 | 05 | 30 | 48 | 09 | 68 | 80 | 110 | 174 | 187 | 131 | 71 | 90 | 43 | 121 | 143 | 60 |
| 1[illegible] | 33 | ML | + | | Klerk | Verkoopsdame | Ekon. priv. huu. | 31 | 40 | 19 | 30 | 45 | 28 | 08 | 23 | 0 | 34 | 50 | 0 | 76 | 78 | 58 | 155 | 179 | 73 | 80 | 83 | 34 | 142 | 181 | 50 |
| 111 | 40 | VR | + | | Verkoopsman | Werk nie | Kamers | 14 | 16 | 06 | 20 | 27 | - | 0 | 0 | 0 | 37 | 69 | 0 | 66 | 28 | 17 | 167 | 200 | - | 40 | 31 | 26 | 167 | 78 | - |
| | 32 | | | | | | | 42 | 63 | 31 | 60 | 99 | 34 | 16 | 30 | 14 | 58 | 102 | 13 | 102 | 118 | 86 | 171 | 192 | 107 | 107 | 119 | 85 | 163 | 163 | 74 |
| | 3[illegible] | | | | | | | 53 | 77 | 43 | 74 | 114 | 44 | 36 | 50 | 26 | 72 | 114 | 24 | 129 | 138 | 114 | 174 | 189 | 97 | 136 | 142 | 94 | 158 | 173 | 80 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

[illegible]

CHRISTEN

| RESPONDENT | OUDERDOM | GESLAG | KINDERDAE KAAPSTAD | KINDERDAE ELDERS | BEROEP VAN MAN | BEROEP VAN VROU | TIPE WONING | (r) V | (r) B | (r) I | (r) P | (r) W | (r) S | (ui) V | (ui) B | (ui) I | (ui) P | (ui) W | (ui) S | (j) V | (j) B | (j) I | (j) P | (j) W | (j) S | (k) V | (k) B | (k) I | (k) P | (k) W | (k) S |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| [illegible] | [illegible] | VR | + | | Yster-verkoper | Boekhoudster | Ekon. huis | 97 | 135 | 70 | 130 | 181 | 94 | 83 | 119 | 76 | 140 | 186 | 90 | 163 | 184 | 158 | 177 | 190 | 178 | 160 | 166 | 151 | 200 | 200 | 160 |
| [illegible] | 32 | VR | + | | Kafee-eienaar | Help man | Priv. eiendom | 101 | 128 | 84 | 141 | 157 | 103 | 86 | 134 | 70 | 131 | 164 | 76 | 178 | 191 | 140 | 194 | 200 | 175 | 181 | 189 | 160 | 194 | 200 | 184 |
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | + | | Skoolhoof | Onderwyseres | Koshuis-woonstel | 85 | 131 | 68 | 112 | 168 | 100 | 64 | 125 | 54 | 122 | 200 | 87 | 159 | 200 | 146 | 200 | 180 | 200 | - | 191 | - | 175 | 200 | 178 |
| [illegible] | [illegible] | [illegible] | - | Rondgetrek | Fisikus(dosent) | Werk nie | Priv. eiendom | 90 | 80 | 73 | 64 | 135 | 72 | 78 | 76 | 78 | 123 | 128 | 50 | 192 | 186 | 136 | 154 | 170 | 173 | 178 | 173 | 128 | 180 | 200 | 192 |
| 165 | [illegible] | VR | + | | Rekenmeester | Tikster | Priv. eiendom | 53 | 72 | 34 | 103 | 145 | 60 | 64 | 78 | 60 | 119 | 170 | 74 | 154 | 170 | 138 | 178 | 194 | 163 | 164 | 181 | 145 | 185 | 196 | 161 |
| 147 | 48 | VR | + | | Sakeman | Werk nie | Priv. eiendom | 88 | 121 | 69 | 119 | 176 | 95 | 80 | 88 | 72 | 140 | 159 | 84 | 160 | 168 | 144 | 184 | 198 | 158 | 170 | 183 | - | 190 | 200 | 170 |
| 162 | 51 | ML | + | | Fabriekseienaar | Werk nie | Ekon. Priv. huur | 67 | 80 | 42 | 120 | 182 | 78 | 73 | 89 | 62 | 118 | 156 | 71 | 149 | 153 | 158 | 180 | 193 | 154 | 157 | 167 | 138 | 178 | 188 | 154 |
| 143 | 54 | ML | - | Riversdal | Boukontrakteur | Klerk | Priv. eiendom | 72 | 91 | 63 | 108 | 137 | 85 | 76 | 91 | 70 | 126 | 180 | 96 | 170 | 184 | 163 | 190 | 198 | 160 | 148 | 157 | 130 | 184 | 200 | 140 |
| 168 | 54 | VR | + | | Reisagent | Werk nie | Priv. eiendom | 84 | 105 | 76 | 100 | 141 | 89 | 79 | 86 | 65 | 132 | 140 | 70 | 150 | 180 | 140 | 174 | 188 | 130 | 173 | 167 | - | 174 | 190 | 130 |
| | 42 | | | | | | | 81 | 104 | 64 | 111 | 158 | 86 | 76 | 98 | 67 | 128 | 165 | 77 | 159 | 179 | 147 | 181 | 190 | 166 | 166 | 175 | 142 | 184 | 194 | 163 |

MOSLEM

| RESPONDENT | OUDERDOM | GESLAG | KINDERDAE KAAPSTAD | KINDERDAE ELDERS | BEROEP VAN MAN | BEROEP VAN VROU | TIPE WONING | (r) V | (r) B | (r) I | (r) P | (r) W | (r) S | (ui) V | (ui) B | (ui) I | (ui) P | (ui) W | (ui) S | (j) V | (j) B | (j) I | (j) P | (j) W | (j) S | (k) V | (k) B | (k) I | (k) P | (k) W | (k) S |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 160 | 26* | VR | + | | Prokureur | Werk nie | Priv. huurhuis | 76 | 84 | 60 | 121 | 153 | 76 | 20 | 39 | 24 | 89 | 117 | 40 | 131 | 144 | 100 | 183 | 194 | 87 | 129 | 160 | 80 | 146 | 183 | 100 |
| 137 | 27 | VR | + | | Sakeman(droog skoonmaker ) | Help man | Woonstel | 111 | 68 | 78 | 86 | 200 | 68 | 37 | 38 | 47 | 112 | 130 | 33 | 114 | 200 | 186 | 177 | 200 | 160 | 200 | 193 | 87 | 160 | 200 | 43 |
| 112 | [illegible] | VR | + | | Sakeman | Werk nie | Priv. eiendom | 35 | 35 | 15 | 56 | 118 | 27 | 07 | 14 | 09 | 64 | 50 | 13 | 81 | 110 | 115 | 200 | 200 | 62 | 100 | 175 | 50 | 200 | 200 | 61 |
| 134 | [illegible] | VR | + | | Mediese dokter | Ontvangsdame | Priv. eiendom | 63 | 81 | 32 | 104 | 176 | 88 | 17 | 43 | - | 75 | 126 | 0 | 187 | 187 | 182 | 167 | 200 | 159 | 181 | 200 | - | 190 | 200 | 127 |
| 135 | 40 | VR | + | | Boukontrakteur | Opleidster-klerefabriek | Priv. eiendom | 18 | 58 | 05 | 20 | 97 | 32 | 0 | 10 | 0 | 17 | 94 | 26 | 160 | 100 | 91 | 169 | 200 | 119 | 167 | 173 | 62 | 180 | 160 | 27 |
| [illegible] | 40 | VR | + | | Juwelier | Werk nie | Priv. eiendom | 25 | 15 | 09 | 23 | 63 | 21 | 06 | 25 | 0 | 57 | 25 | 0 | 64 | 71 | 55 | 200 | 200 | 25 | 56 | 125 | 36 | 200 | 200 | 17 |
| 149 | [illegible] | VR | + | | Sakeman | Verkoopsdame | Priv. eiendom | 28 | 31 | 71 | 54 | 109 | 28 | 21 | 38 | 14 | 60 | 71 | 11 | 120 | 128 | 47 | 158 | 174 | 43 | 81 | 103 | 46 | 134 | 175 | 30 |
| [illegible] | [illegible] | VR | + | | Supermark-eienaar | Werk nie | Ekon. munsp. | 69 | 39 | 18 | 27 | 103 | 33 | - | 67 | 0 | 71 | 200 | - | 159 | 125 | - | 200 | 200 | 30 | 60 | 175 | - | 200 | 190 | 25 |
| [illegible] | [illegible] | VR | + | | Boukontrakteur | Werk nie | Priv. eiendom | 10 | 18 | 10 | 20 | 41 | 09 | 13 | 14 | 08 | 23 | 26 | 05 | 158 | 100 | 140 | 183 | 190 | 109 | 107 | 71 | 37 | 125 | 100 | 109 |
| | [illegible] | | | | | | | 48 | 48 | 27 | 57 | 111 | 42 | 15 | 32 | 13 | 63 | 92 | 16 | 130 | 129 | 114 | 182 | 195 | 88 | 120 | 152 | 57 | 170 | 199 | 60 |
| | [illegible] | | | | | | | 64 | 76 | 45 | 84 | 134 | 64 | 45 | 65 | 40 | 95 | 128 | 46 | 144 | 154 | 130 | 181 | 192 | 127 | 143 | 163 | 99 | 177 | 196 | 111 |

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

# AANBEVELINGS T.O.V. VERDERE NAVORSING NA AANLEIDING VAN HIERDIE ONDERSOEK

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

1. Daar is aangedui dat 'n fonologiese ondersoek na sosiaal gestratifiseerde taalgebruik weens die hoë voorkomsfrekwensie van foneme 'n logiese voorver= eiste is vir 'n soortgelyke ondersoek op leksikale en sintaktiese vlak. In die lig van die fiet dat stra= tifikasie op fonologiese vlak aangedui is, sou dit interessant wees om vas te stel of Kaapstadse Kleur= ling-Afrikaans ook op leksikale en sintaktiese vlak sosiaal gestratifiseer is.

2. Hoewel die Kaapstadse Kleurlinge se gebruik van Engels nie in hierdie ondersoek ter sprake gekom het nie, het dit gedurende die veldwerk duidelik geblyk dat Standaard-Engels se status nog hoër is as dié van Standaard-Afrikaans. Daarom sou dit insiggewend wees indien daar deur 'n soortgelyke ondersoek vas= gestel kan word of Kaapstadse Kleurling-Engels net soos Kleurling-Afrikaans sosiaal gestratifiseer is of nie.

3. Die moontlikheid is genoem dat die sisteme van Afrikaans en Engels mekaar onderling versteur in die Kaapstadse Kleurlinggemeenskap. Daarom sou dit goed wees indien 'n ondersoek binne die raamwerk van Wein= reich (1968) uitgevoer word na die presiese aard en omvang van Afrikaans-Engelse taalkontak en wedersydse sisteemversteurings in die Kaapstadse Kleurlinggemeen= skap.

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

4. Gedurende dié ondersoek is opgemerk dat Kleur=ling migrasie vanaf die platteland na Kaapstad skyn=baar 'n vaste patroon aanneem. Dit blyk dat arbei=ders van die plase af eers na plattelandse dorpe toe trek, en dat hulle of hulle kinders daarna na die omgewing van Bellville-Suid verhuis, waarvandaan persone slegs ná hulle Engels bemeester het, dikwels na die omgewing van Athlone verhuis om in die omge=wing van Kaapstad ekonomies aktief te wees. Indien hierdie migrasiepatroon vanaf die plase na die sui=delike Kleurlingwoongebiede wel so plaasvind, sou dit insiggewend wees om 'n taalstudie uit te voer wat vas=stel hoe dit die evolusie van Kaapstadse Kleurling-Afrikaans beïnvloed.

5. In die lig van die feit dat die vertolking van hierdie ondersoek se taalgebruiksgegewens t.o.v. die verwantskap tussen sosiaal gestratifiseerde taalge=bruik en taalevolusie in 'n mate impressionisties is, sou dit goed wees indien 'n soortgelyke studie in die toekoms uitgevoer word om vas te stel presies in wat=ter mate sosiaal gestratifiseerde taalgebruik taal=evolusie werklik in die hand werk in dié gemeenskap.

6. In die lig van 'n skoolhoof se vertolking dat die stigmatisering van die arbeidersklas se lewenstyl swak akademiese prestasie en vroeë skoolverlating

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022

by kinders van die Arbeidersklas in die hand werk, is dit wenslik dat hierdie aangeleentheid dringend op sosiologiese, maatskaplike of opvoedkundige vlak ondersoek word.

7. Die moontlikheid is genoem dat gerondheid besig is om onttrek te word van Standaard-Afrikaans se vo=kaalmerkingstelsel omdat Afrikaans met drie tipes merking, lengte, nassalering en gerondheid een van die ingewikkeldste markingstelsels van alle tale het. Dié moontlikheid behoort empiries ondersoek te word.

8. In dié ondersoek is aangetoon dat die postvokaliese (r) in die verskillende sillabe-eindposisies weens sosiale faktore teen verskillende tempo's in verskil=lende style swak geartikuleer word en wegval. Dit sou insiggewend wees om vas te stel in watter mate hierdie verswakking en wegval gedetermineer word deur die spesifieke fonologiese omgewing waarin (r) voorkom. Val dit byvoorbeeld in dieselfde mate weg in die verskillende sillabe-eindposisies, en voor lang en kort of verskillende vokale?

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2022